Olielamp

Christen-wees:

By die skool / As student

By die werk / Op die sportveld

In 'n vreemde land / In moeilike tye

Jaargang 18 nr 05 Junie/Julie 2014

REDAKSIESPAN 2014

Hoofredaktrise
Janet Pouwels

Subredaktrise
Karlien Stolper

Uitleg
Chrisna Bosker

Admin & Webtuiste
Elsabé Ros

Lid
Nicoline Anholts

Lid
Saskia Snijder

Lid
Renette Ros

Subredaktrise
Martha Hamming

Subredaktrise
Charmaine de Bruijne

Lid
Corneel Hagg

Subredaktrise
Maryke Roos

Illustrasies
Danelle van den Berg

Lid
Marijke Luijk

Lid
Herno van der Linden

Volgende Tema:

1 en 2 Samuel

REDAKSIONEEL

Geagte leser

Die Junie/Julie-uitgawe is jaarliks ons spoguitgawe en dan doen ons gewoonlik ‘n bietjie (eintlik nogal baie!) meer moeite. Hierdie jaar het ons besluit om nie artikels oor ‘n spesifieke geloofstema in te samel nie, maar om die lesers eerder die kans te gee om hulle eie verhaal te vertel. Die wye tema handel dus oor Christenwees in verskillende aspekte van my lewe, en dan het verskillende skrywers verskillende aspekte van ons lewe as Christen gedek.

Die skrywers het geskryf oor hulle uitdagings in hulle spesifieke situasie, die lesse wat hulle geleer het, en ook in sekere gevalle raad gegee vir persone wat hulle ook in dieselfde situasie bevind. Daarom hoop ons dat hierdie Olielamp-uitgawe ‘n leersame uitgawe mag wees en baie waarde mag dra vir persone wat hulleself in moeilike situasies bevind en wonder hoe hulle daardeur gaan kom. Dit gee ook weer hoop om te sien hoe God die skrywers en hulle familie en vriende deur moeilike tye gedra het, en ook hoe God in hulle lewens werksaam was, en nog steeds is!

Ons sê baie dankie aan al die skrywers wat bereid was om ‘n deel van hulle lewens met ons te deel; ons weet dis nie altyd maklik nie. En aan al die lesers, mag julle hierdie uitgawe sommer baie geniet! En laastens, alle eer aan God wat aan ons die gawes gee om hierdie jeugblad moontlik te maak.

Lekker lees!
Janet

Die Olielamp is daar om die Drie-enige God te eer. Dit verskaf riglyne vanuit sy Woord en versterk sodoende die leser om God deel te maak van alle aspekte van die lewe.

Die doel van die Olielamp is om te verseker dat daar kwaliteit leesstof vir die jeug en ander belangstellendes beskikbaar is. Dit gee elkeen die geleentheid om hulle opinies te lig en om hulle talente in God se Koninkryk te gebruik. Dit bevorder kommunikasie tussen verskeie Vrye Gereformeerde kerke in Suid-Afrika.

Die visie van die Olielamp is om die leser te bemoedig om ’n God-gerigte lewe te lei.

INHOUDSOPGAWE

05 *Om godvreesend te lewe*
05 *Lewenswysheid?*

Op skool

06 *Christene op 'n staatskool*
07 *Christen-getuies in 'n staatskool*
08 *Gereformeerde skool vs staatskool*

As student

10 *Kuier, kerk en werk*
12 *Koshuislewe*
13 *Die vreugde van onderwysstudent wees in die Here se koninkryk*
14 *Tot opbou van God se koninkryk in die wêreld van kriminologie*

By die werk

16 *Deernis se hande en voete... en glimlag!*
18 *Uitlewing van my geloof in die werksomgewing: Konstruksiebedryf*
19 *My lewe en beroep as Christen in die natuur*
21 *Uitlewing van my geloof as speelgroepie-onderwyseres*
22 *Hoe is ek christen in my manier van klasgee?*
23 *Oop 24/7*

Op die sportveld

24 *Hoe kan ek sport op 'n Christelike manier beoefen?*
25 *Gelowiges op die sportveld*

In moeilike tye

26 *Laat u wil geskied... en wat dan?*
27 *Vra net en luister, want Hy is in beheer*

In 'n vreemde land

28 *Waar is my voete?*
29 *"Enige vreemde land kan hulle vaderland wees..."*

In die kerk

32 *God sal jou lei tot waar Hy jou wil hê*
33 *God will never disappoint me*
34 *God will never put you in a place where He will not protect you*
35 *I feel blessed*
36 *I look at the bad as part of the plan for me*

Voete van bereidwilligheid

37 *Druppel op de gloeiende plaat*
40 *Helpen in Suid-Afrika*
42 *OneJoy*

OM GODVRESEND TE LEWE

***Marike de Jager** is 'n graad 11-leerder aan die Hoërskool Oos-Moot. Sy is in die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.*

Om 'n godvresende lewe te kan lei beteken dat ons vriendskap met die wêreld moet laat vaar, want dit is vyandskap met God. In Mattheus 5:14 lees ons: "Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê kan nie weggesteek word nie." Hieruit kan ons leer dat God mense gebruik om in sy koninkryk te dien.

As jong gelowiges is dit nie altyd maklik om 'n voorbeeld in die geloof te wees nie. In die daaglikse lewe moet ons keuses maak – of jy jou geloof gaan bely of verloën. Om eerlik te wees is dit vir ons as mense dikwels makliker om stil te bly as om op te staan vir die geloof, aangesien dit geen aanstoot sal gee nie en omdat ons bang is vir wat ander van ons sal dink. As Christen is dit belangrik om te onthou dat God ons in die eerste plek geskape het om Hom die lof en eer te bring wat Hom toekom. God gee dus in Mattheus 5:14 vir ons die opdrag om 'n voorbeeld in die geloof te wees sodat ander sy grootheid in ons werke kan herken. Alhoewel ons bely dat selfs ons beste werke met sonde bevlek is, stuur God sy Heilige Gees om die saad van geloof in ons harte te plant. Vestig dus jou wortels in die Woord, dan sal die vrugte van die Gees in jou lewe sigbaar word. In die Heidelbergse Kategismus Sondag 32 word dit mooi uiteengesit dat ons niks uit ons goeie werke verdien nie, maar dat ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen.

Groei in die geloof is nie net tot jou eie voordeel nie. God gebruik die geloofsgroei tot uitbreiding van die evangelie. Hoe sterker jou geloof groei, hoe meer moet dit in jou lewe sigbaar word. Daarom: "Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, wandel, liefde, gees, geloof en reinheid." (1 Timotheus 4:12)

Bid elke dag opnuut vir die krag en leiding van die Heilige Gees en vind troos daarin dat wie volhard in die geloof, alles sal beërwe.

LEWENSWYSHEID?

Geskryf deur: Anonieme Ouma

As 'n mens ouer word en die hare witter, word daar meestal verwag dat die wysheid daarmee saamgaan. Maar is dit so? Ek dink nie so nie.

Wat is wysheid? Laat ek dit so stel. Wysheid is nie vanselfsprekend nie. Ons wysheid kom van bo. Daarom is dit 'n voorreg om elke Sondag twee maal die Woord van die Here te mag hoor. Daarmee word ons gevoed en mag ons daarmee werk. Of ons dit altyd doen is nog 'n ander vraag. Die Woord van die Here is die enigste bron van ons lewe en so verkry ons ook wysheid. Die lewe mag dan swaar wees, maar daar is nie 'n las wat te swaar is. "My juk is sag en my las is lig," sê die Here, al dink ons soms nie so nie. Wees bly in die Here. Doen wat Hom welbehaaglik is. Dan kan ons geniet van baie.

Ook in die natuur sien ons altyd weer God se grootheid. Hy onderhou dit alles en ons mag daarvan geniet. Wat 'n groot wonder as daar in die laat somer of vroeg voorjaar blomme bloei! Is dit nie wonderlik nie? Wat 'n vreugde gee 'n mooi bos blomme! Ons mag daarvan geniet.

Om jou geloof uit te leef is nie altyd so eenvoudig nie. Die Engels help ons ook nie om vlot te kommunikeer nie, maar dit is geen verskoning nie. Die Here is daar en gee ons die regte woorde in die mond as ons daarom vra. Bid daarom om wysheid sodat jy sy lof kan verkondig. Leef digby die Here, want Hy hou ons vas. Die duiwel is altyd daar as ons swak is, maar met my God spring ek oor 'n muur.

Jong mense, wees getrou en sterk in julle geloof. Moet julle nie laat beheers deur al die pragtige ontwikkelinge en tegnologie nie. Leer om dit met respek te hanteer. Daar kom baie op julle af en julle mag dit alles gebruik. Ook dit kom van Hom, maar nie alles is tot eer van Hom nie. Wees daarom sterk en moenie moedeloos word nie. Luister maar na die oueres as jy gewaarsku word vir die gevare. En dink aan Psalm 23: "Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie."

Op Skool

CHRISTENE OP 'N STAATSKOOL

***Marian de Mooij** is 'n graad 12-leerling aan Bellville Hoërskool. Sy was op die Gereformeerde Laerskool Bellville, en is lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.*

Om van 'n private Christenskooltjie na 'n groot staatskool te gaan, is nie vir almal ewe maklik nie. Sommige mense pas baie maklik aan, terwyl dit vir ander, soos vir my, 'n jaar of twee gevat het om gewoond te raak aan alles en die regte vriende te kies. As leerder van 'n staatskool het jy 'n groot verantwoordelikheid, en ook 'n roeping. Jy het 'n opdrag van God ontvang om jou geloof met ander te deel en om 'n verskil in hulle lewens te maak.

Die ander studente om jou moet kan sien hoe jy jou Christenskap uitleef. Een van die maniere waarop hulle dit raaksien, is deur jou keuses en besluite. Jy gáán voor versoekings kom, en dit is dán wanneer jy moet vasstaan in jou geloof en vertroue in God. Jy moet daagliks jou geloof en liefde vir God uitleef. Wees daar vir ander, verheerlik God en sy koninkryk deur jou liefde en omgee vir jou naaste. Doen alles tot eer van God, dan kan jy ook vertrou dat Hy jou en jou naaste daarin sal seën. Ons kan veral fokus om meer positief te wees en ons werk met ywer aan te pak.

Daar is baie versoekings op hoërskool, en dan is daar die gevaar dat 'n mens met tyd só gewoond daaraan raak dat 'n mens dit nie meer raaksien nie. Ons is almal Christene, tog lê die grense vir sommiges op verskillende plekke. Groepsdruk is seker een van die grootstes. Jou vriende kan 'n groot rol speel in jou keuses van reg en verkeerd. Dit is daarom belangrik dat jy jou vriende kies, en nie net inval waar jy self wil nie. Omring jouself met mense wat God liefhet, en met wie jy 'n pad kan stap.

God se gebod kan as volg saamgevat word: Jy moet God en jou naaste liefhê soos jouself. Vanuit hierdie oogpunt kan jy nou gaan kyk na al die keuses wat jy het om te maak. Die keuse om jouself van afkraking en slegpratery te onttrek, die keuse om nie oor ander mense te skinder nie, die keuse om nie jouself aan alkohol en dwelmmiddels te vergryp nie. Die vrugte van die Gees sluit so mooi hierby aan (Galasiërs 5:22). Vanuit liefde vloei respek, sagmoedigheid, vrede, lankmoedigheid, geduld, vriendelikheid, selfbeheersing, kuisheid en getrouheid. Lewe asof jy God enige oomblik verwag.

> "Hoor Israel, die Here onse God is 'n enige Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en jou hele siel en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in die huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan. Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees. En jy moet dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte skrywe." (Deuteronomium 6:4-9)

My raad aan julle is om te bid sonder ophou. Gee al jou sorge oor aan God en Hy sal jou lei. Ons mag lewe met die belofte dat God alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet. Ons gaan soms deur swaar tye in ons lewe en dit is dan wanneer ons al ons hoop en vertroue op God mag stel. God het ons as jeuglede aan mekaar gegee sodat ons mekaar mag opbou in geloof, hoop en liefde. Sien die seëninge van God in jou lewe raak, en besef watter groot en magtige God Hy is. Praat met jou ouers oor jou keuses en aanvaar hulle gesag en leiding wat die Here aan hulle geskenk het. Lewe uit dankbaarheid en uit liefde.

CHRISTEN-GETUIES IN 'N STAATSKOOL

__Anneke Luijk__ is 'n graad 11-leerling aan Brackenfell Hoërskool , waar sy ook 'n graadleier is. Sy was op die Gereformeerde Laerskool Bellville en is lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.

Daar word redelik baie op katkisasieklas gepraat oor hoe ons ons geloof moet uitleef op skool, maar ons almal weet dat dit nie so maklik is om voor jou vriende op te staan en te sê: "Ek gaan nie saam fliek, rook, drink of kuier nie."

Hoe leef jy jou geloof uit in 'n staatskool?

Om jou geloof uit te leef tussen jou kerkvriende en familie is baie makliker as op skool of op universiteit. Om jou krag in God te vind is een van die belangrikste dinge wat ons as Christene moet kan doen. Jy dink dalk dat jy nie genoeg selfvertroue het om in die klas op te staan wanneer iemand God se Naam misbruik nie, maar dink daaraan dat Jesus altyd langs jou staan. "What would Jesus do?"

Sê nee, as jy nie saamstem nie, selfs al beteken dit dat jy jou beste vriende kan verloor. Staan sterk, want dis wat God van ons vra. Hy is tog belangriker as jou vriende. Daarmee wil ek nie sê dat dit nie moeilik is nie, maar indien ons nie opstaan vir ons geloof nie, sal dit al hoe moeiliker raak om nee te sê.

Vind ook die regte vriende. Dit is nooit te laat om nuwe vriende te soek nie. Veral op skool is dit belangrik dat jy vriende het met wie jy kan praat oor geloof. Mense wat jou kan ondersteun as jy dalk in 'n argument betrokke raak. Die regte vriende hou jou ook op die regte pad; ver van dwelms, drank, rook en ander verkeerde invloede.

Jy moet jou lig laat skyn, en nie net aanhoudend preek nie. Mense sal agterkom jy is anders, want jy heilig byvoorbeeld die Sondag en jy gaan nie na plekke waar daar op 'n verkeerde manier gekuier word, of waar daar gedrink word om dronk te word nie. Jy ís anders, moet dus nie skaam wees om dit te wys nie.

Watter uitdagings is daar en hoe gaan jy daarmee om?

Ons word almal gekonfronteer met verskillende uitdagings op skool. Die vryheid in staatskole is baie meer as in Christenskole. Ons word blootgestel aan die wêreld: mense sonder waardes. Dit kan soms moeilik raak om staande te bly in jou eie waardes. As iemand vir jou 'n sigaret aanbied, om dan byvoorbeeld nee te sê. Ons moet die regte keuses maak. Maar hoe weet ons of dit die regte keuse is? Die antwoord is eenvoudig: wat sou Jesus doen?
Ons word ook dikwels uitgenooi na kuiers waar mense drink om dronk te word, en waar die ouens geen respek vir meisies toon nie. Dit is moeilik om dan nee te sê. Ons wil nie anders wees nie, want ons wil inpas by die wêreld, maar onthou dat ons vreemdelinge is op hierdie aarde.

Nog 'n uitdaging is as daar in jou vriendekring lelik gepraat word van ander mense, of as daar dalk vuil grappe gemaak word. Ons is geneig om dit oor te sien, maar onthou: dit beïnvloed ons tog.

Jou gedrag in die klas behoort 'n voorbeeld te wees vir ander. Meestal kyk jou vriende jou vreemd aan as jy die klas probeer stilmaak. Kinders ken oor die algemeen nie meer respek nie, maar laat ons daarom 'n lig wees, ook in hulle lewens.

Dan is daar die uitdaging van verhoudings met skoolvriende wat nie dieselfde agtergrond as jy het nie. Hulle sukkel soms om te verstaan hoekom ons sekere dinge anders doen, maar ook daarin mag ons God se hulp vra en moet ons altyd laat wys wie ons Koning is. As Christen moet jy jou waardes uitleef, in sosiale aktiwiteite en in sport. Mense moet aan jou kan sien dat jy iemand is wat nie net praat nie, maar ook doen

Watter raad is daar vir my in so 'n situasie as leier?

As jy 'n leier by jou skool (of dalk universiteit) is, dan is jy in die bevoorregte posisie om makliker 'n verskil te kan maak daar waar jy moet lei. Tog het iemand nie 'n 'balkie' nodig om 'n leier te wees nie.

Jy staan uit, want mense kyk op na jou as leier en jy moet probeer om dit te gebruik. Mense het dalk hoë verwagtinge van jou, maar God help jou ook in hierdie dinge om jou lig te laat skyn.
Dit is nie maklik om 'n Christen te wees in hierdie donker wêreld nie, maar met God langs ons sy, kan ons vir ander 'n lig wees en hulle ook lei na die groot Lig, Christus.

GEREFORMEERDE SKOOL VS. STAATSKOOL

***Dalene de Vente** studeer tans onderwys aan AROS. Sy was op die Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn, vir 'n jaar en 'n half op Hoërskool Oos-Moot, en vir die oorblywende drie en 'n half jaar in die Gereformeerde Skool Dirk Postma. Sy is in die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

Elke skool het sy eie geloofsuitdaging. In 'n gereformeerde hoërskool is daar die voorreg om 'n Christelike perspektief te ontvang oor alles wat rondom jou gebeur. In 'n staatskool is daar die voorreg om elke oomblik te gebruik om van die Here te getuig. Verskillende menings is versamel oor dié onderwerp.

Onderhoude met verskillende mense

Annie Jongbloed was in Hoërskool Garsfontein en Hoërskool Dirk Postma.

1. In watter skool sou jy wou wees as jy terugkyk?

Vriendskapsgewys sal ek definitief weer in Dirk Postma wou wees. Dit is 'n wonderlike voorreg om tussen medegelowiges te wees. Hoërskool Garsfontein is 'n skool met baie voordele wat sport en akademie betref en ek sou graag vir die sport daar wou wees.

2. Watter geloofsuitdaging het elke skool gehad?

Albei skole het geloofsuitdagings. In 'n gereformeerde skool word 'n mens soms oorbeskermd groot en is dus nie voorbereid op die wêreld daarbuite nie. In 'n staatskool is dit egter maklik om jou geloof te verwaarloos as jy nie grondvaste beginsels het nie. Dit is soms ook moeilik om die regte vriende te vind.

3. Sommige mense vermy staatskole as gevolg van slegte invloede. Wat is jou opinie?

Ek voel dat 'slegte invloede' oral is – in 'n staatskool én in 'n gereformeerde skool. In 'n staatskool is 'n mens net meer bewus daarvan. 'n Staatskool berei mens voor vir hoe die wêreld lyk.

Anoniem, was vir 12 jaar in die Gereformeerde Skool Dirk Postma.

1. As jy terugkyk, sou jy weer in 'n gereformeerde skool wou wees?

Ja, ten minste in 'n gereformeerde laerskool. Om in 'n veilige geloofsomgewing groot te word is van onskatbare waarde. Om elke dag tussen mense met dieselfde oortuiging te leef, skep geleentheid om saam in geloof te groei, oor Bybelkennis en geloofsake te praat, en om die gemeenskap van gelowiges uit te leef. Daar is bekwame persone om leiding te gee, om die 'boompies te buig terwyl hul jonk is.' Die kleiner klasse in die ander vakke met meer persoonlike aandag is net 'n bonus.
Baie mense argumenteer dat daar ook nie genoeg sport- en ander kultuurgeleenthede in 'n klein skool is nie. In die stad is daar wel baie ander geleenthede om sport by 'n klub of by universiteite te beoefen en om musiek/drama privaat te neem dat dit nie 'n invloed op my skoolkeuse sal maak nie.

2. Hoe het dit jou geloof en Bybelkennis beïnvloed?

Eers wanneer 'n mens nie meer elke dag 'n klomp psalms sing en Bybel as vak het nie, besef 'n mens hoe dit jou Bybelkennis beïnvloed het. Bybelkennis en geloof is soos om 'n sport te beoefen. As jy nie gereeld oefen nie, word jy onfiks en raak uit oefening. Die gereelde geleenthede by die skool (soos opening met skriflesing en gebed, Bybel en Kerkgeskiedenis as vak, ens.) maak dit so maklik om jou Bybelkennis en geloof te 'oefen' dat 'n mens na skool werklik moeite moet maak en tyd opsy sit om op daardie 'fiksheidvlak' te bly. 'n Mens besef eers die waarde as jy dit nie meer het nie!

3. Nadat jy 12 jaar in 'n Gereformeerde skool was, was dit vir jou 'n skok om skielik blootgestel te wees aan die 'wêreld'?

'n Mens kry genoeg blootstelling aan die 'wêreld' deur middel van Facebook, internet, televisie, radio, ens. Betrokkenheid by buitemuurse aktiwiteite en selfs die vriende wat saam met jou in die skool is, bied ook blootstelling aan die wêreld en sy begeertes. Versoekinge kom baie in 'n gereformeerde skool voor. In ons skool is 'n mens egter so gelukkig om die 'beproef alle dinge

en behou die goeie' saam met medegelowiges, en in 'n mate beskermd, te beleef. Hier kan 'n mens dinge wat in die wêreld gebeur, sien en daaroor praat, byvoorbeeld hoekom dit verkeerd of 'n gevaar is of nie.

Thinus Malan was in die Gereformeerde Laerskool Dirk Postma en Afrikaans Hoër Seunskool

1. Watter geleenthede was daar vir jou in 'n staatskool om jou geloof uit te leef?

Wanneer 'n mens in 'n staatskool is, is elke dag 'n geleentheid vir evangelisasie. Daar is werklik baie min mense wat die evangelie verstaan. In die klas, in gesprekke tydens pouse en op skooltoere is dit die ideale plek om van die Here te getuig.

2. Dink jy dit het jou gehelp om in 'n gereformeerde laerskool te wees?

Dit het baie gehelp, aangesien ek kosbare Bybelkennis wat ek nie self sou leer nie, in Affies kon gebruik. Volgens my is dit 'n groot voorreg om Bybelonderrig op skool te hê.

3. As jy kon kies, sal jy weer in 'n staatshoërskool wou wees?

Ek sal definitief in 'n staatskool wou wees, maar spesifiek Affies. Daar is geleenthede om sport, leierskap en kultuur te ontwikkel. Ek kon met my rugby dwarsdeur die land toer, deur koor kon ek oorsee gaan en op die leerlingraad dien. Die talle aanvalle en uitdagings van my geloof in hierdie proses het my gedwing om die Bybel te ondersoek en die kritiese vrae en aantuigings te hanteer. Wat hoërskool betref glo ek egter dit gaan oor waarnatoe God jou roep.

Janneke Snijder was in die Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn en die Hoërskool Dirk Postma.

1. Jy was vir 12 jaar in 'n gereformeerde skool. As jy terugkyk, sou jy weer in 'n gereformeerde skool wou wees en waarom?

Ja, ek dink ek sou weer in 'n gereformeerde skool wou wees, want dit het aan my 'n goeie Bybelkennis gegee, die onderwysers en medeleerlinge glo meestal basies dieselfde as jy, dus almal se doelwit/lewensdoel is ook dieselfde (m.a.w. om God alle eer te gee en Hom te dien in alles wat jy doen).

2. Hoe het dit jou geloof/Bybelkennis beïnvloed?

Ek dink dit het aan my 'n beter Bybelkennis as die mense wat nie in 'n gereformeerde skool was nie, gegee. Dit is 'n groot voorreg.

3. Nadat jy 12 jaar in 'n Gereformeerde skool was, was dit vir jou 'n skok om skielik blootgestel te wees aan die 'wêreld'?

Nee, al was ek in 'n gereformeerde skool, het ek nog steeds gehoor wat daar buite in die wêreld aangaan. My vriende in staatskole het baie keer ook goed vertel wat in hulle skole gebeur en alhoewel ek in 'n gereformeerde skool was, beteken dit nie dat almal wat in daardie skool was, dink soos wat ek dink nie. Daar gebeur egter net sulke slegte goed in 'n gereformeerde skool ook (natuurlik nie so gereeld soos in staatskole nie).

Verjaarsdae

Junie

Magda de Mooij	01
Hilde Kamphuis	02
Cor de Geus	06
Bernard van den Berg	07
Lieneke Smit	10
Nicky Trollip	12
Alieke Hoving	17
Jan Trollip	21
Egbert Kampman	22
Ronnie Meeske	24
Bert Mars	27

Julie

Annemarie Hordijk	02
Rozandri Luijk	08
Thalita van Renssen	08
Corneel Hagg	09
Henri Luijk	10
René Pretorius	16
Rudolf Byker	18
Arno Pienaar	23

As student

KUIER, KERK EN WERK

__Maryke Gibson__ is tans 'n graad R onderwyseres by die Laerskool Pierneef. Sy het aan AROS gestudeer en is nou besig met haar honneursgraad in leerder-ondersteuning aan die Universiteit van Pretoria. Sy is in die Gereformeerde Kerk Oos-Moot.

So lui die lewe van enige student. Ons as gelowige studente weet soms nie waar om die streep te trek nie. Studente word oorlaai met werk en moet hulle in honderde stukkies breek om by alles uit te kom. Jy moet besef jy's nie alleen nie. In Jesaja 41:10 sê God vir ons: "Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou..." Jy as student moet besef dat jy in al jou werke en dade Jesus moet dien – anders is alles tevergeefs.

Die Christen-oor

In die klas moet jy jou ore effektief rig op God se kennis om die boodskap te hoor wat deur dosente aan jou uitgeruil word. Dit is 'n opdrag van God: dié wat ore het om te hoor, laat hom hoor! Deur na ander te luister, stel dit jou in staat om te groei en jou kennis te verbreed in elke faset van jou lewe. Wees altyd bereid om die goeie te hoor en die negatiwiteit uit die weg te ruim, om altyd op soek te wees na die Woord van God.

Die Christen-oog

Rig jou oë op die Here en Hy sal aan jou hulp verleen. Jou oë moet deur artikels lees om die kennis te sien wat in God lê en wat Hy aan jou blootstel.

'n Christen-oog moet altyd die goeie in mense sien en die werke van God se hande sien om altyd nederig en liefdevol te lewe. Wees altyd bedag op die trane wat jy as student deur hartseer en moedeloosheid stort. God versterk die moedeloses (1 Konings 19:3-8). God beveel dat ons nie moedeloos moet word nie, al kry ons swaar in hierdie harde wêreld. God wil nie hê jy moet jou oë bedek met trane wat jou weerhou van die blydskap en vrede wat God aan jou gee nie, want met God in beheer loop ons lewe uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly.

Die Christen-mond

Spreek nie wraak uit die mond wat God aan jou gegee het om vrae te vra en te bid vir vergifnis nie. Moenie huiwer om op jou knieë te gaan en te vra nie. God luister altyd na sy kinders wat hulp nodig het, en ook as hulle uit dankbaarheid bid om ere aan God te bewys. Moenie twis soek en vals praat uit die mond wat liefde moet kweek nie.

Die Christen-hand

Hande is die maatstaf om God se werk te doen. Hande word gebruik om die pen vas te hou en te beheer wat geskryf word. Vingers wat vinnig tik stel die brein in staat om effektief te dink en die inligting op skrif te stel. Harde arbeid en toetse word afgelê met die gebruik van die liggaamsdeel wat God aan ons gegee het. Hier blyk duidelik dat God jou in staat stel om 'n student te wees. Hy gee aan jou die kennis van 'n gesonde verstand. Hy wil graag hê sy kinders moet vrugte dra. In Johannes 15:4-5 verduidelik Jesus hoe sy volgelinge moet vrugte dra.

Die Christen-student

Iewers langs die pad in die stres-oerwoud van studentwees, sperdatums en eksamens vergeet 'n mens hoe om behoorlik asem te haal. Nou word die vraag aan jou gestel: Hoe handhaaf jy as Christen-student bogenoemde aspekte in jou lewe?

Jy moet 'n balans handhaaf om God eer te bewys in alle fasette waarmee student-wees jou besig hou. Daar is slegs een manier om die Christelike lewe te leef, en dit is vanuit 'n posisie van geloofsrus. Jy as student mag rus in hoe God deur sy Woord en Gees voortdurend na ons toe kom. Jy mag nie fokus op jou eie potensiaal of jou eie vermoë om vroom te probeer wees nie.

Die dinamika van Christenwees lê juis in die teenoorgestelde: Ek leef verbind aan Hom omdat

Hy Hom permanent aan my verbind het deur sy verbond met my toe ek nog glad nie aan Hom verbind wou wees nie. Verbond beteken tog verbind. Ek het dus sekerheid omdat sy belofte-woord vas en seker is. Ek het nie sekerheid omdat ek die een of ander soort gevoel of ervaring het nie. Dit gaan ook nie oor wat in my innerlike aangaan nie. Dit gaan oor die sekerheid van sy verbond met my. Daaraan klou ek vas. Soos die loot aan die wingerdstok vashou.

Ek het krag omdat die Gees in my werk. Ek getuig omdat die Gees in my getuig. Ek leef in alle omstandighede omdat Christus se opstandingslewe in alle omstandighede in my woon. Dít bring natuurlik egte emosies en ervarings na vore. Maar die fokus is nie meer op die ervarings nie, maar op Christus. Dit is wat 'n lewe uit genade beteken: 'n stuk geloofsrus in die belowende Christus. 'n Geloofsrus in die Here wat gedurig weer met sy belofte-woorde na my toe kom.



Dit is presies wat in Johannes 15:1-9 beskryf word. Hierdie geloofsrus het 'n besliste uitwerking binne-in my. Dit bring egte belewenisse en aktiwiteite by my en in my na vore. Sy liefde waarmee Hy Hom aan my kom verbind het toe ek nie aan Hom verbind wou wees nie, begin nou werk in my. Dit begin my innerlik wring en buig, en skep in my allerlei belewenisse en emosies.

Die Christelike lewe is hoegenaamd geen koue, dooie, steriele 'kopkennis-geloofslewe' nie. Dit is vol emosie en passie en aktiwiteit. Maar, dit is nie 'ek-en-my-vroomheid' of 'ek-en-my-ervaring' wat voorop staan nie, maar 'die belowende Christus.' Dan is dit Hý wat die Christelike lewe déúr my leef en nie meer 'ek en my probeerslae' nie. Daarom slaag dit, want Hý doen dit, nie ek nie. Net soos 'n loot vrug sal dra, omdat dit die wingerdstok is wat die vrug produseer.

In die praktyk

Kom ons bring dit 'n bietjie na die praktyk toe: Wat maak 'n gelowige in alledaagse lewensomstandighede om die Christelike lewe te kan leef, byvoorbeeld wanneer versoekings lewensgroot voor jou kom staan? Of wanneer besluite geneem moet word? Of wanneer bekommernisse jou beetpak – dalk omdat die finansiële situasie in Suid-Afrika besig is om skielik minder rooskleurig te lyk?

Bid jy dan om hulp van Bo? Moet jy 'n bietjie hemelse hulp inroep sodat jy die oorwinningslewe kan lewe? Moet die wingerdstok die loot help sodat die loot die vrug kan dra? (Die nie-Christelike godsdienste) Of moet die wingerdstok sélf die vrug deur die loot dra? (Die Bybelse geloof) Hoor jy die hemelsbreë verskil?

Hoe werk dit prakties? Hoe gebeur dit dat die wingerdstok sélf sy eie vrug deur my – as loot – kom dra wanneer ek my in alledaagse omstandighede bevind? Antwoord: Ek glo Hom daarvoor. Ek glo dat Hy dit doen, want Hy belowe dit dan. Dit is dan wat sy Woord aan my sê. So eenvoudig soos dit. Dalk is dit juis omdat dit so eenvoudig is, dat ons dit nie verstaan nie. Maar, dink 'n bietjie mooi: wat is meer eenvoudig as 'n nietige lootjie wat rus in die wingerdstok? Dit is die geheim van die Christelike lewe.

Verbly jou in die Here. Net soos enige slegte reën, storm, tornado en aardbewings, baie harde eksamens en lang aanbiedings, sal daar 'n begin, middel en 'n einde wees. Dit maak nie saak hoe sleg of stresvol die situasie is waarin jy jouself bevind nie, want jy sal slaag deur God wat jou krag gee. Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe, tot in ewigheid.

Deur die volgende riglyne te volg, sal jy God toelaat om jou in jou studentelewe deur moeilike situasies by te staan en te ondersteun:

- Laat God toe om jou lief te hê en sy wonderlike plan vir jou lewe uit te voer op sy eie tyd, nie jóú tyd nie.
- Ken jou sonde en bely dit om God se troos en liefde te ervaar.
- God is die enigste Weg: wandel in sy weë en jy sal gered wees deur die Naam van Jesus Christus.
- Neem Jesus Christus in geloof aan as Verlosser en jou Here. Slegs dan kan ons God se liefde en plan vir ons lewens ken en ervaar.
- Lees jou Bybel.
- Ons gelowiges se Christelike samesyn in die ware kerk is baie belangrik om God te ken en ten volle te dien.

Ek sluit af met God se woorde in Jeremia 17:7: "Geseënd is die man wat op die Here vertrou, en wie se vertroue die Here is."

***Rebekka Roos** studeer tans aan die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein. Sy bly in die koshuis maar is nogsteeds lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.*

Geagte leser
My naam is Rebekka, maar noem my sommer 'die meisie van Bloemfontein'. Ek studeer tans aan die Universiteit van die Vrystaat. Maar soms voel dit eerder soos die universiteit van almal-hier-is-'n-boer-en-ry-bakkies-en-dans-net-vas-of-is-swart-en-praat-nie-afrikaans-nie.

Ek studeer (of probeer, altans) BSc Forensiese Wetenskappe, en word net gou eers rustig – ek doen nou eers 'n algemene kursus en spesialiseer volgende jaar in Forensies (so dan is ek eers *cool* soos dit).

Ek bly in 'n koshuis en dis asemrowend. My koshuis is vernoem na die ongelooflike heldin, Emily Hobhouse. Koshuis is regtig die moeite werd en ek is nog nie eenkeer spyt nie.

Ek is ±1000 km weg van die huis. Weg van die Kaap, die see, my vriende en familie, maar ook weg van die belangrikste, my kerk.

Dit bring baie uitdagings. Nie die soort uitdaging van wanneer die ou langs jou by die rooi lig vir jou lag want sy bakkie is groter as joune nie. Nee, dis ernstig en jy moet daaroor nadink. Jy kan nie net anderkant toe kyk en maak asof dit nie gebeur, soos by die rooi lig, nie. Nee, jy moet die uitdagings in die gesig staar en probeer oplos.

Een van die grootste en moeilikste uitdagings was my belydenis. Hoe gaan 'n mens nou te werk aan dié probleem? Ek wil baie graag my geloof in my eie kerk belei in 2014. Ek wil nie drie jaar wag totdat ek klaar gestudeer is nie. So, na vele gedagtes, gesprekke en gebede, *add* (voeg) ek en dominee Bijzet mekaar op Skype (ja, dis maar *cool* soos dit). Ek doen basies my katkisasielesse oor Skype en dis gemaklik vir beide van ons aangesien ek die enigste een is wat belydenis sal doen dié jaar. Dis eintlik wonderlik om te dink dat die tegnologie van vandag my so kan help in hierdie situasie.

Ongelukkig is daar (nog nie) 'n VGK in Bloemfontein nie, maar gelukkig is hier 'n oorvloed van Gereformeerde kerke, wat baie aangenaam is.
Die ding is vriende – dit gee nie om waar jy eintlik gaan studeer nie, jy gaan altyd uitdagings hê. Leefwyse en geloof gaan verskil. Een van die moeilike situasies is Sondae. Sondae gaan almal winkels toe en gaan eet uit. As hulle my nooi dan is ek net soos: "Ag, dis oraait. Ek sal maar hier rustig by die koshuis wees." Dis baie makliker om slap te lê en om in te stem en saam te gaan eet, maar as Christen dra ons Christus se Naam en daarom mág ons nie slaplê nie.

Die Here het 'n belofte aan ons gemaak dat Hy ons sal oppas, so Hy verwag ook van ons om in sy beloftes te glo. God maak nooit leë beloftes nie. Te danke aan God kan ek vanjaar in Bloemfontein studeer. God is genadig en Hy luister na sy kinders. Ek kan nou met trots ook sê dat my verhouding met God gegroei het vandat ek hier is. Die Here laat goed met ons gebeur wat ons nie altyd verstaan nie, maar Hy doen dit om ons te vorm vir ons doel op aarde. Alles gebeur met 'n rede en is deel van sy plan vir ons.

My raad wat ek aan enigiemand kan gee wat weg van die huis af wil studeer: dit gee nie om waar jy is nie, die Here is altyd by jou en dis al wat tel. Natuurlik sou ek eerder verkies om kerk te gaan by die VGK, maar ek hoef nie bang te wees dat ek gaan afdwaal of 'n 'tekort' aan geloof gaan hê nie. Volgens Romeine 12:3 het God aan elkeen sy eie mate van geloof gegee. Twee sêgoed waaraan ek al heel jaar vashou, is:

"Hou God se hand stywer vas."

"Ontmoet God in alles wat jy doen."

DIE VREUGDE VAN ONDERWYS-STUDENT WEES IN DIE HERE SE KONINKRYK

__Wilma de Mooij__ studeer tans onderwys aan die Cape Peninsula University of Technology in Wellington. Sy is in die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.

Ek is tans ‘n vierdejaar grondslagfase-onderwys-student by die Cape Peninsula University of Technology in Wellington, ‘n dorpie in die hartjie van die Boland. Hierdie universiteit het vroeër bekend gestaan as die Onderwys Kollege Boland (OKB). Hier het ek die voorreg om die afgelope drie en ‘n halwe jaar my groot passie uit te leef. Hier mag ek die talente wat ek van ons Hemelvader ontvang het, daagliks gebruik en uitleef om kinders te onderrig volgens sy wil.

‘n Groot vreugde

Soos wat die opskrif van hierdie artikel lui, is dit presies hoe ek die onderwys ervaar. Iets wat daagliks vir my ‘n groot vreugde is, omdat ek die voorreg het om met die pêrels van God se koninkryk hier op aarde te werk. Die Here het aan my die genadegawe en groot eer gegee om met kinders te werk en hulle te onderrig volgens sy wil. En dit is ook waarna ek streef in my loopbaan as onderwyseres: om kinders te leer van die Here en sy genadeverbond met hulle. Om kinders te leer en te lei om die Here daagliks na te volg en Hom met hulle hele hart lief te hê. Die Here het aan my ‘n besondere posisie gegee om kinders te leer dat wanneer ons alles in die lewe verloor, ons steeds ongelooflik ryk is, omdat ons Christus ken en Hom as Verlosser mag dien. Dat hulle in alles sal besef dat die Here die enigste toevlug van ons lewe is en Hy daagliks die Herder is wat vir ons, sy skape, sorg. Ook vir die klein skapies onder ons. Dit is ook hoe ek daagliks my lig wil laat skyn aan my medestudente en die wêreld rondom my. Die Here en sy wil en die werk hier op aarde in sy koninkryk, staan sentraal in my lewe.

Struikelblokke

Maar saam met hierdie groot voorreg en eer kom daar ook dikwels struikelblokke. Dinge wat my geloof toets en my gereeld met die vraag los: vir wie kies ek? Vir myself en my eie gewin of vir Christus en sy koninkryk? Daar is so baie struikelblokke in ons lewe, dinge waarvan ons self nie eers altyd bewus is nie. Maar die volgende is struikelblokke wat my persoonlik raak.

Een van die grootste struikelblokke in die onderwys, is dié van godsdiensonderrig. Ek was vir die meerderheid van my lewe bevoorreg om in ‘n gereformeerde laerskool te kon wees, ‘n skool waar die Here die middelpunt is en waar opvoeding in die geloof uiters noodsaaklik is. Wanneer ek nou terugkyk, op 21-jarige leeftyd, mag ek sien hoe ryk dit my lewe maak om in ‘n skool te kon wees soos die Gereformeerde Laerskool Bellville. En dan wanneer ek my praktiese onderwys beoefen, kom ek te staan voor die groot uitdaging van skole waar daar nie meer godsdiensonderrig plaasvind nie, omdat die regering dit nie voorskryf nie en ook nie insluit in die huidige kurrikulum nie. Dan kry ek te make met Christen-onderwysers wat nie toegelaat word om soggens godsdiens in die klas te hou nie. Van my word daar as student gevra om presies in te val by die skool se roetine en program, en dis hier waar ek die leemte ervaar om soggens met kinders uit die Bybel te lees en stil te word voor die Here in gebed. Na baie praktiese onderwys in baie verskillende skole, sien ek hoe daar kinders grootword en opgroei in die lewe sonder om die Here te ken.

Dan ervaar ek dikwels struikelblokke wat baie van ons eintlik ken. Sosiale aktiwiteite en bedrywighede op Sondae, en eerder die hele naweek kuier en gesellig wees en dan gou op Sondag my werk en take vir die week doen. En in die proses heeltemal vergeet daarvan om kerk toe te gaan en daar in sy huis die Here te ontmoet. Ek kry te make met

studente wat sê hulle is Christene, maar in hulle daaglikse lewe dit nooit wys nie. Ek kan daaraan nie saam doen nie, want Sondae roep die Here my in sy huis en wat kan dan vir my beter wees as om naby die Here te wees, in sy teenwoordigheid?
Ek mag met dankbaarheid in my hart erken dat die meerderheid van my dosente by die universiteit almal Christene is en ook nie skaam is om dit openlik te bely nie. Maar ongelukkig kry ek te doen met dosente wat nie hulle werk ordentlik doen nie en ook nie professioneel optree nie. Dan ly studente dikwels onder dosente se nalatigheid. Dis dan wanneer frustrasie hoog loop, maar waar die opdrag van die Here soveel harder praat: om dié wat bo jou aangestel is, te respekteer. Om steeds in liefde teenoor hulle op te tree, omdat die Here aan hulle daardie besondere posisie gegee het. En dis 'n moeilike taak, veral wanneer onreg jou aangedoen word.

Hoe gaan ek met dit alles om?
Een van die dinge wat ek myself altyd afvra wanneer ek met sulke dinge te doen kry, is dié: Wat vra die Here van my in hierdie situasie? En dis dan wanneer alles weer in perspektief val en jy weereens besef dat jy hier op aarde nie vir jouself leef nie. Dan besef jy dat daar altyd 'n groter prentjie is as die een wat jy nou sien. Dat deur alles wat in jou lewe gebeur, die Here steeds voortgaan met sy groot verlossingsplan en daarom ook die plan vir jou lewe. Dan mag jy vashou daaraan dat, al verstaan ons nie altyd wat hier gebeur nie, die Here steeds met jou besig is. In alles sal Hy altyd vir jou, sy kind, bly sorg, beskerm en vashou.

Dis dan wanneer ek op my knieë, in gebed, tot ons Hemelse Vader nader en weet dat ek daar altyd veilig sal wees. Dan mag jy bid vir leiding en dat jy sal staande bly teen al die aanvalle van die duiwel, sodat jy met oorvloedige vreugde jou taak in sy koninkryk mag vervul. Dat jy dienend mag besig wees, jou lig laat straal en nie skaam wees om te sê ek is 'n Christen nie. En elke dag weer mag jy sê: "Die Here is my Herder, niks sal my ontbreek nie."

TOT OPBOU VAN GOD SE KONINKRYK IN DIE WÊRELD VAN KRIMINOLOGIE

Janika Klapwijk *studeer tans sielkunde met kriminologie deur UNISA. Sy is in die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.*

Ek studeer sielkunde met kriminologie en is 'n deeltydse tutor. My tutorwerk behels om klasse te gee, spesifiek vir kinders met leerprobleme, soos byvoorbeeld ADHD.

Wat behels die sielkundige rigting?
Sielkunde as 'n dissipline fokus nie net daarop om mense in hul verskillende lewensituasies te help nie, maar word ook allerweë as ´n wetenskap aanvaar. Sielkunde as 'n wetenskap streef daarna om menslike gedrag in verskillende kontekste te verstaan. Op sigself is dit egter nie genoeg nie, aangesien dit noodsaaklik is om hierdie kennis op praktiese probleme in mense se daaglikse lewens te kan toepas. Die doel van die professionele toepassing van sielkunde is om mense se lewensgehalte te verbeter, spesifiek in die groot verskeidenheid kontekste waarin hulle hulself mag bevind.

Kriminologie en sielkunde word dikwels deur studente as hoofvakke geneem tot in die derde jaar van die BA(eie keuse)-graadprogram. Hierna doen hulle 'n honneursgraad in óf kriminologie óf sielkunde. In baie gevalle voltooi studente eers die kriminologie-honneurs en daarna die sielkunde-honneurs.

Wat doen 'n kriminoloog eintlik?
Ongelukkig word daar dikwels van kriminologie as wetenskap en beroep 'n glansryke wanindruk geskep. Dit word gedoen deur gewilde televisiereekse omdat mense die indruk kry dat alle mense in dié beroep profileerders met 'bonatuurlike' vermoëns is.

Bitter min mense wat kwalifikasies in kriminologie behaal, word egter profileerders en daar is slegs enkeles in die land wat vir die polisie profiele van

misdadigers opstel. Die polisie het 'n klein eenheid wat vir dié doel gebruik word. Verder moet mense besef dat elke speurder wat 'n misdaad ondersoek, self 'n 'profileerder' moet wees.

Verder is daar verskillende rolle vir kriminoloë en opleidingskurrikulums in verskillende lande. Wat sake meer verwikkeld maak, is die feit dat daar verskeie sub-velde in kriminologie is, soos polisiëring, penologie en viktimologie. In Suid-Afrika werk van die kenners met 'n agtergrond in kriminologie in howe, of as konsultante, of hulle is betrokke by die ontwikkeling van misdaadvoorkomingsprogramme. Kriminoloë kan

betrokke raak by misdaadvoorkomingsprojekte, die identifisering en verklaring van misdadige aktiwiteite en die ondersoek van misdade. Waar hulle betrokke is by hofprosedures moet hulle sorg dat oortreders in howe verhoor word en getuig om die oortreder se skuld bo alle twyfel te bewys.
Kriminoloë wat belangstel in die slagofferkunde (viktomologie) kan ook namens 'n slagoffer optree. In die geval van die oortreder kan daar ook ter versagting of ter verswaring in 'n hofsaak opgetree word.

Daar bestaan heelwat moontlikhede vir studente met nagraadse kwalifikasies in kriminologie en sielkunde om in uiteenlopende organisasies aangestel te word, wat wissel van die Valke tot spesiale ondersoekeenhede en forensiese laboratoriums.

Moontlike werkgewers sluit in die Suid-Afrikaanse Polisiediens, die Ontvanger van Inkomste, die Teen-korrupsie-eenheid en die Onafhanklike Klagtedirektoraat.
Omdat gewone landsburgers en private ondernemings soms ontnugter is met dienste wat die SAPD bied, is daar veral in ons land 'n groot vraag na die dienste van kriminoloë.

Uitdagings

Uitdagings kom in hierdie beroepsveld op verskeie terreine voor en dit sluit in jou persoonlike lewe sowel as jou geloofslewe. In jou persoonlike lewe is familietyd beperk en word 'n mens self aan vele lewensbedreigende situasies blootgestel. 'n Mens reis dikwels, en ook vér. Dit het 'n invloed op jou familie, en persoonlike tyd is beperk. Sodoende kan dit ook 'n invloed op kerkgang hê. Op die vlak van geloofslewe kom 'n mens in aanraking met heelwat etiese kwessies wat 'n mens as Christen dwing om 'n definitiewe standpunt in te neem wat dikwels baie moeilik is. As Christen in dié beroep moet 'n mens fokus om nie jou blik van ons Hemelse Vader af te haal nie. Wees dus 'n aktiewe Christen – leef dit uit en bid vir krag en wysheid. Omring jouself met 'n goeie ondersteuningstelsel en wees altyd bewus daarvan dat jy as kind van God ook in dié beroep kan werk tot opbou van sy koninkryk. In dié beroep word 'n mens sterk gekonfronteer met 'goed en kwaad', en as Christen is dit dan belangrik om reg daarmee om te gaan. 'n Mens kan ook 'n getuienis uitlewe in die manier hoe 'n mens sekere situasies hanteer en die omgang met mede-kollegas in die veld.

Hoekom het ek juis dié beroep gekies? Wel, die veld het nog altyd 'n sterk aantrekkingskrag vir my gehad en: "If you love what you do, you do not have to work a single day in your life." Ek glo dat dit die Here se plan met my is en dat ek in dié beroep my gawes tot die beste van my vermoëns kan benut.

By die werk

DEERNIS SE HANDE EN VOETE... EN GLIMLAG!

Skrywer: Anonieme verpleegster

Wat is jou doel wanneer jy in die oggend werk toe ry? Wat wil jy bereik? Dink jy net oor die belangrike *deadline* wat jy ten alle koste moet haal of gaan dit vir jou om die eer wat jy ook in jou werk aan God kan bring? Speel jou Christenskap ook 'n rol in jou gesindheid by die werk?

As jy nadink oor jou (voornemende) beroep, dink jy dan ook aan deernis of liefde? Is jou oggendgebed daarop gerig om sy hemelse liefde af te bid sodat jy dit aan ander kan deurgee? As jy aan deernis of liefde dink, sien jy dalk in jou gedagtes 'n liefdevolle moeder wat geduldig haar kind gerusstel, of 'n oupa en 'n ouma wat op mekaar leun soos hulle stadig oor die straat stap, of 'n ou verpleegster wat jou voorhoof met 'n koue lappie afvee. Het jy geweet dat jy liefde (op sy 1 Korinthiërs 13 manier) werklik in ag behoort te neem by jou beroepskeuse?

Wat is deernis?

Deernis kan verduidelik word as 'die absorbering van die persoon (die wese) van 'n ander.' Dit behels om swak te wees saam met die swakkes, kwesbaar te wees saam met die kwesbare en kragteloos saam met die wat kragteloos is. Opsommend is 'n deernisvolle persoon iemand wat hom/haarself daarop toespits om in die swaarkry van 'n ander te deel. Die daad of woord wat so 'n deernisvolle persoon met 'n ander deel, sal die gevolg hê dat daardie persoon nuwe krag en moed kry. As 'n mens so aan deernis dink is dit eintlik skokkend om te besef hoe min deernis deel van ons eie alledaagse belewing is. Elkeen van ons kry daagliks die geleentheid om deernis aan ander te bewys. En tog vereis sommige beroepe meer deernis as ander beroepe. Ek sal in die res van my artikel my toespits op verpleegkunde.

Deernis in verpleegkunde

Deernis is 'n gawe wat van die Een en Enigste kom, die Een wat deernis in oorvloed het. In die daaglikse lewe van 'n verpleegster is dit egter iets wat dikwels baie skaars is. Miskien ook tereg omdat 'n mens in een dag in 10 of 30 pasiënte se swaarkry moet deel. Dit is natuurlik 'n byna onmoontlike en absolute veeleisende taak! Des te meer as 'n mens reken dat die samelewing swakheid en swaarkry sien as iets waaroor nie gepraat moet word nie – dis net onaangenaam. Hoekom sal 'n mens dan jou eie lewe nog moeiliker maak deur die pyn van ander mense op jouself te neem?

Die Here vra vir elkeen van ons om in ons beroepe ons naaste lief te hê. Deernis is eintlik maar net 'n klein aspek van liefde wat 'n mens nie net vir siekes moet wys nie, maar vir jou ou of meisie, universiteitsvriend, man of vrou, kollegas, baas, kinders, familie, maar ook baie beslis vir die boemelaars en prostitute op die straathoek. In verpleging kom dit eintlik net 'n stappie nader: die pasiënte is werklik volslae vreemdelinge vir wie jy geen (natuurlike) deernis het nie. En die siek mense is dikwels mense wat jou eerder afstoot as aantrek. 'n Prostituut wat 'n seksuele oordraagbare siekte het, 'n boemelaar wat homself bewusteloos gedrink het, 'n dronk man wat in flenters gery is, 'n selfbejammerende tiener wat haarself probeer doodskiet het, en ook 'n misdadiger wie se planne misluk het.

Ek werk in 'n intensiewe sorg eenheid. In die oggende besluit ons watter suster na watter pasiënt gaan kyk. Die een oom lê al byna 'n week in ons eenheid. Die meeste van ons het al eerstehandse ervaring met hom opgedoen. Nie een van ons is vandag lus om na die oom te kyk nie. Op die ou einde word ek as die beste kandidaat genomineer om die baie siek, moeilike, oorgewig, onrustige en deurmekaar oom vir die dag te versorg. En dit terwyl ek juis dié dag bitterlik moeg, baie geïrriteerd en glad nie lus vir so 'n pasiënt is nie. Met 'n sug begin ek my werk en ek rig 'n stil gebed tot God vir liefde en toewyding. Êrens in hierdie moeilike dag, na 'n warm bed-bad, sê die oom (skielik helder) vir my: "Baie dankie vir jou bereidwillige hulp en bystand. Ek waardeer dit opreg." Pasiënte sal nooit ophou om 'n mens te verbaas en te amuseer nie. Dis in sulke tye wat 'n ou, sieklike, deurmekaar pasiënt die flou vlammetjie van deernis weer aanblaas, en dis sulke woorde wat 'n mens weer

nederig maak – hoe moeilik dit ook mag wees om ‘n goeie verpleegster te wees. Elke mens waarmee jy te doen kry is menslikheid waardig: ‘n glimlag, ‘n koppie water, ‘n bemoedigende woord, ‘n luisterende oor, ‘n gebed vir genesing, ‘n drukkie van jou hand en ‘n tydjie van jou ontsaglike besige dag.

Beeld van Christus

Dit bly ‘n stryd om in verpleging ‘n beeld van die Christus – wat genesing met ‘n enkele aanraking of ‘n paar woorde bring – te wees. Sy liefde vir die verlore sondaars onder die mensdom was opreg; by my is dit dikwels uit verantwoordelikheid. Die hoop en genesing wat Hy gebied het, was duidelik en direk. Dalk in ons samelewing minder duidelik, want dis in die vorm van pille of operasies. En tog het ons die vaste sekerheid dat Hy gister, vandag en vir altyd dieselfde is (Hebreërs 13:8), want Jesus wat soveel mense in sy tyd op aarde genees het, doen dit vandag nog steeds! Dit bly moeilik om ‘n dankbare pasiënt aan te moedig om vir die Een wie genesing deur ‘instrumente’ bring, dankie te sê!

Verpleging bied ‘n mens die geleentheid om ‘n ander persoon deur God se oë te sien. ‘n Pasiënt wat siek is is swak, liggaamlik en emosioneel, en selfs ook dikwels geestelik. Daar is meestal min of geen uitsig vir bepaalde siektes nie, en die onsekerheid maak die swaarkry nog swaarder. Hoe maklik is dit dan nie om so ‘n persoon nog meer pyn aan te doen deur ‘n onbedagsame woord of daad nie! Daarom is dit altyd ‘n stryd om die mens so siek, uitgeteer of verwoes soos hy daar lê, te sien as ‘n beelddraer van God. Iemand kosbaars in God se oë. Iemand wat God se liefde so broodnodig het. Iemand vir wie Christus moontlik gesterf het – ‘n broer of ‘n suster!

Pyn

Om in die gesondheidsorg te werk, moet ‘n mens ook besef wat dit beteken om gesond te wees. Die eenvoudigste verduideliking waaraan ek kan dink, is: gesondheid is om te leef sonder pyn.

Wat dink jy is pyn regtig? Menige skrywers, waaronder ook ‘n klomp Christelike skrywers, het die taak op hulleself geneem om die probleem van pyn in ons wêreld uit te pluis. Uit die pyn-gedagte spruit baie vrae, een daarvan die bekende vraag: “Waar is God in die wêreld van soveel swaarkry, pyn en ellende?” ‘n Christelike verpleegster behoort ‘n vaste sekerheid en geloof in God te hê, alhoewel die antwoord op hierdie tipe vrae ook nie altyd duidelik is nie. ‘n Mens kan vas en seker oortuig daarvan wees dat elke pasiënt wat siek is, worstel of geworstel het met die vraag: ‘Hoekom ek?’ En ook dikwels die skuld misplaas het, hetsy dit op God, op ander of op homself is. Dis daarom ook voortdurend ‘n uitdaging in verpleging om die geestelike toestand van die pasiënt te identifiseer, te verstaan, en dan ook hoop vir hulle te kan bied. Om vasgekluister te wees aan ‘n bed gee aan ‘n mens ‘n oorvloed van dinktyd, en dus is dit ‘n groot en gulde geleentheid om hierdie pasiënte iets moois te gee om oor na te dink. En wat is mooier as die blye evangelie dat jy – selfs in jou swak, siek, of walglike toestand – kosbaar is vir die Here! Wie van ons kan onsself van so ‘n taak vryskeld? As Jesus, wat self sonder gebreke was, ‘n liggaam, swak en aan siektes en pyn, ja, selfs aan die dood onderworpe, aangeneem het, hoe kan ons dan die deernis weerhou van dié wat in siekte of pyn leef? Ek bedoel nie dat almal nou verpleegsters moet word nie. ‘n Christen behoort elke geleentheid aan te gryp om die mense wat in jou eie gesin (of kerk) ‘n griep, skeet of depressie het, se verpleegster te wees. As jy iemand langs die straat in siekte of pyn sien lê, moenie net verby ry nie, maar wees die barmhartige Samaritaan!

> “Dink aan die gevangenes asof julle mede-gevangenes is, en aan die wat mishandel word as mense wat self ook ‘n liggaam het.” (Hebreërs 13:3)

> “...wees bly met die wat bly is, en ween met die wat ween...” (Romeine 12:15)

As jy ooit die roeping van die Here kry om ‘n verpleegster te wees, dan kan jy verseker wees dat jou werk vol met pyn en hartseer sal wees! Florence Nightingale het oor haar lewe gereflekteer en gesê: “There is no part of my life upon which I can look back without pain.” Sy, die groot stigter van verpleegkunde, het vir ons die voorbeeld weerspieël wat Jesus ook self vir elke verpleegster voorhou: Neem jou kruis op en volg my voorbeeld, want wie ook al groot wil wees in die koninkryk van die hemele, moet die dienskneg van almal wees. (Markus 10: 43-45)

UITLEWING VAN MY GELOOF IN DIE WERKS-OMGEWING: KONSTRUKSIEBEDRYF

__Arnold Pouwels__ werk al vir ongeveer 'n jaar en 'n half in die konstruksiebedryf. Op die oomblik werk hy vir homself. Hy is in die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.

As ons die Bybel oopmaak by Genesis 3 en 4, kry ons alreeds 'n duidelike prentjie van hoe die werkslewe vir ons sal wees: sweet en moeite, smart.

Psalm 104 praat van die mens wat bedags uitgaan om sy arbeid te verrig tot die aand toe. Dit is dus duidelik dat die Here steeds van ons verwag om te werk.

Hoe werk dinge in die konstruksiebedryf?

Om te verstaan hoe ons as Christene moet optree in die konstruksiebedryf, moet ons eers verstaan hoe dinge gedoen word. Die grootste deel van die bedryf bestaan uit swart werkers wat teen lae tariewe onder 'n voorman of bestuurder wat meestal blank is, werk. Daar is oor die algemeen baie rassehaat in die konstruksiebedryf te vinde. Dan natuurlik, soos in enige ander bedryf, sien 'n mens oneerlikheid, selfverryking, ens.

Hoe leef ek my geloof uit in die konstruksie-bedryf?

So nou kan ons by die vraag kom: Hoe leef ek my geloof uit in die werksplek?
Ons eerste stap sal wees om deur die aspekte soos hierbo genoem, te gaan.

1. Eerstens die **lone** wat elkeen ontvang. Die Bybel leer ons dat die arbeider sy loon werd is. Maar wat is 'n loon? Hoeveel behoort ons te betaal? Ongelukkig word dit grotendeels bepaal deur die ekonomie. Vraag en aanbod. In Suid-Afrika is daar 'n groter vraag na werk as aanbod, dus is die betaling baie laag. Dit behoort ons egter nie te keer om dié wat werlik hard werk tot die beste van sy vermoë, te beloon daarvoor nie. Die man wat vyf talente gekry het en daarmee gaan werk het, is immers beloon.

2. Die tweede aspek is baie moeiliker om reg te benader. **Rassehaat** is baie moeilik om uit te wis. Nie omdat swart en wit nie kan saamwerk nie, maar omdat elkeen sulke verskillende sienings het. Die feit dat die meeste van die hande-arbeiders swart is, help die saak nie aan nie. Dit is immers baie maklik om aan die hande-arbeiders die skuld te gee vir die steelwerk, die breekwerk, en alles wat verkeerd kan loop.

Hoe gaan ons dan as Christene hierop in? Deur opreg uit liefde vir jou naaste elke persoon wat vir jou werk te lei en te bestuur sodat die werk nie gedoen word slegs vir die rande elke tweede week nie, maar sodat hulle dit wíl doen tot die beste van

hule vermoëns. Om die beste vir jou naaste te soek sal die beste in hulle uitbring. En ja, ons leef in 'n sondige wêreld, in 'n land wat 'n oormaat van korrupsie en misdaad het. Maar die opregte liefde vir dié wat vir jou werk, sal die nodige respek laat begin groei.

3. **Oneerlikheid en selfverryking.** Baie besighede kry werk deur verwysings. Veral Christene werk op hierdie basis. 'n Goeie diens en produk maak die kliënt gelukkig en hy sal dié persoon dus voorstel by sy vriende. Die gevaar kom dan in dat werk verseker is. Die kliënte vertrou dat jou pryse op 'n kwotasie reg is en daarom sal hulle jou as kontrakteur aanvaar sonder om ander te nader. Dit gee weer die moontlikheid vir die besighede om te begin woeker.

Verder, in die algemeen, word die goedkoopste en gewoonlik dan ook die swakste, produkte gekoop, 'n oormaat van materiaal word gekoop en aangewend vir persoonlike doeleindes, ens.

Ons is almal sondig. Dit is moeilik om God se gebooie na te kom, en om elke dag te lewe soos dit van ons gevra word. Die hele wêreld werk vir geld, mag en aansien. En ons as Christene sit in die middel van dit alles. Ons aanvaar alles. Ons pas aan. Kort voor lank pas ons die kerk aan by die werk.

Dan kom iemand eendag met die vraag na jou toe: Hoe leef jy jou Christenskap uit in jou werksplek? Dan is dit nodig om terug te sit en uit die derdepersoon-oogpunt na jou daaglikse lewe te gaan kyk. Wat is jou motief? Is dit om so vinnig as moontlik ryk te word? Dalk glo jy jou salaris is te klein vir dit wat jy beteken en steel jy die besigheid se geld deur dae om te sit en niks te doen nie. Dalk is jy hoër op in die rang. Jy moet dalk sorg dat kontrakte op die tafel kom. Deur bietjie te lieg hier en daar, syfers te verberg, ensovoorts, kan jy groot kontrakte op die tafel bring.

As die hele wêreld besigheid op dié manier doen, hoe kan ons kompeteer? Job gee ons 'n mooi antwoord in die opskrif van hoofstuk 20: "Al die geroofde goed sal die goddelose geen genot verskaf nie."

Prediker 2:10-11 sê dat alle werk tevergeefs is as jou fokus verkeerd is. Jakob gee vir Laban ook dié mooi getuienis in Genesis 31:42: "As die God van my vader, die God van Abraham en die Vrees van Isak, nie aan my kant was nie – ja, dan sou u my met leë hande weggestuur het. God het my ellende en die moeitevolle arbeid van my hande aangesien…"

God sien raak wat jy elke dag doen. Jy mag nie werk vir geld en aansien nie. Jy moet werk in eerlikheid, tot die beste waartoe jy in staat is, in liefde en in opregtheid. Tot eer van jou naaste, maar heel belangrikste **tot eer van God.**

Gaan dan elke werksdag in met die vraag: "Sal jy op Hom vertrou, omdat sy krag groot is? En aan Hom jou arbeid oorlaat?" (Job 39:14)

MY LEWE EN BEROEP AS CHRISTEN IN DIE NATUUR

***Liza Roux-de Vente** en haar man, Gustav Roux, bestuur 'n wildsplaas naby Clocolan in die Vrystaat. Sy is afkomstig van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria, en is nou lid van die NG-kerk Clocolan.*

Hoekom het ek 'n beroep in die natuur gekies?

Vandat ek kan onthou het die bos en 'n werk in die veld my absoluut gefassineer. Toe ek klein was het ek in die tuin rondgeloop en goggas gevang en voëls gekyk en later my vrye tyd spandeer om in die dieretuin te werk. Wanneer ons met vakansie gegaan het, was my eerste keuse altyd die wildtuin!

Ek wou altyd iewers bly waar daar bokkies voor my deur is en nie karre en geboue nie.

Vandag is ek waar ek graag wou wees: ek het 'n paar springbokkies en njalas op my grasperk, en op 'n stadium het ek 'n baba hiëna in my huis gehad. Ek sien gereeld die son opkom en ook ondergaan; ek sien al die sterre en die melkweg en konstellasies. Saans hoor ek leeus brul en as ek die dag dorp toe ry, sien ek soms 'n seekoei, 'n swartwitpens of een of ander dier. Ek lewe my droom. 'n Droom wat ek glo God in my hart geplaas het.
Ek en my man bestuur 'n wildsplaas 20km buite Clocolan in die Vrystaat.

Alhoewel ek ekotoerisme studeer het en self gedink het ek sal fisies in die veld werk, is my posisie vandag eerder dié van 'n gasvrou vir die gaste wat die wildsplaas kom besoek. Dit is 'n wonderlike geleentheid, maar ook 'n groot verantwoordelikheid om die Woord van God uit te leef teenoor al die mense wat ek ontmoet en ook teenoor my personeel wat op die plaas werk.

Wat is my uitdagings in dié beroep?

Om in en naby die veld te woon en te werk is 'n voorreg en 'n seën, maar dit kom ook met uitdagings. Uitdagings is ook 'n goeie geleentheid vir geestelike groei.

'n Mens is ver van jou familie, vriende en ondersteuningsnetwerke en dit kan by tye baie eensaam raak. In die Bybel gebruik God dikwels die wildernis as 'n plek waar Hy naby aan sy kinders kon wees, met 'n duidelike voorbeeld van Johannes die Doper en ook Jesus se 40 dae van afsondering in die woestyn, om maar net twee te noem.

Ek haal die stukkie aan wat ek op 'n webwerf in 'n bybelstudie oor die wildernis gevind het:
"A wilderness is often thought of as a barren wasteland, uninhabited, and perhaps even uninhabitable. The two original words of the Bible that have been translated as wilderness, are the Hebrew word of the Old Testament pronounced *mid-bawr*, and the Greek word of the New Testament pronounced *er-ay-mos*. While both words are sometimes used to mean a desolate wasteland, they are also used to describe a very good place to pasture sheep – whether actual sheep, or God's 'sheep.' (http://www.keyway.ca/)

Hier volg ook twee gedeeltes uit Job wat handel oor God se skepping:

"Who teaches us more than the beasts of the earth and makes us wiser than the birds of the heavens?" (Job 35:11)

"But ask the beasts, and they will teach you; the birds of the heavens, and they will tell you; or the bushes of the earth, and they will teach you; and the fish of the sea will declare to you. Who among all these does not know that the hand of the Lord has done this? In his hand is the life of every living thing and the breath of all mankind." (Job 12:7-10)

'n Verdere uitdaging baie spesifiek teenoor ons is veroordeling van die jagindustrie, juis omdat ons in dié industrie werk. Ons lewe in 'n samelewing wat baie humanisties is en waar die mens soms as middelpunt van alles geplaas word, maar 'n verdere ekstreme uitkyk is waar die mens verag word en diere gelyk aan mense of selfs hoër as mense geag word. God is baie duidelik in sy Woord oor wat die mens se rol teenoor diere hier op aarde is.

"Every moving thing that lives shall be food for you. And as I gave you the green plants, I give you everything." (Genesis 9:3)

"Then God said, "Let us make man in our image, after our likeness. And let them have dominion over the fish of the sea and over the birds of the heavens and over the livestock and over all the earth and over every creeping thing that creeps on the earth." (Genesis 1:26)

Maar dit beteken beslis nie dat ons roekeloos kan omgaan met ons taak nie. God se skepping is vir Hom belangrik en ons het 'n taak om dit op te pas. Hy wil nie hê ons moet dit wanbestuur nie.

"Are not five sparrows sold for two pennies? And not one of them is forgotten before God." (Luke 12:6)

"Whoever is righteous has regard for the life of his beast, but the mercy of the wicked is cruel." (Proverbs 12:10)

Ons mag heers oor die aarde, maar ons doen dit met respek en met God se insig.

Nog 'n uitdaging is die gemeenskap van die heiliges, m.a.w. die kerk, of eerder 'n gebrek daaraan, in die bos. Hoe verder weg jy in die natuur werk, weg van die groot stede, hoe minder is jou geleenthede om kerk toe te gaan en hoe minder die opsies vir kerke. Met ons beroep is dit moeilik om by die fisiese kerkgebou uit te kom vir geleenthede om die Woord van God te hoor, en dit bly 'n uitdaging en 'n moeilike ding vir my. Ons is deel van die NG-gemeente op die dorp en dit is 'n wonderlike gemeente met 'n goeie leraar, alhoewel daar net een diens op 'n Sondag is om by te woon. Gelukkig, in die wêreld waarin ons vandag leef, is ons net 'n kliek op die rekenaar weg van 'n goeie erediens indien 'n mens dit nie fisies kan bywoon nie.

Daar is ook baie geleenthede om saam in die Woord en teenwoordigheid van die Here te wees. Gesprekke met my personeel, gesprekke en drome deel met my gaste, bure en mense wat ek in die dorp raakloop. 'n Mens se persoonlike verhouding met God bly die heel belangrikste van alles, want deur 'n persoonlike verhouding met God sal Hy jou lei en jy sal die vrugte van die Gees kan wys en God sal jou pad lei.

Dit is geweldig belangrik om God in te sluit by jou beroepskeuse en om leiding te vind deur gebed, maak nie saak hoe lank jy al droom oor iets nie.

Ek het onlangs ‘n mooi boodskap daaroor gekry: “If God puts it in your heart, He will accomplish it in your life.” As God dit in jou hart plaas, sal Hy dit ook uitvoer in jou lewe.

Ons werk hier is as gevolg van vele gebede en deure wat God vir ons oopgemaak het om hier te wees. Ek glo dat ons ‘n doel het om hier te vervul vir die werk van die koninkryk van God.

As afsluiting wil ek graag sê dat as jy ‘n beroep in die natuur oorweeg, daar baie opsies is om van te kies, almal met hul eie voor- en nadele en uitdagings en seëninge. Om net ‘n paar te noem: gidse, kamerapersone, liefdadigheidswerkers, wildvangers, wildtelers, natuurbewaarders, vee-artse en wildsplaasbestuurders. Daar is soveel opsies!

Wat ookal jy besluit, maak seker jy ken God in elke stap wat jy neem en volg sy leiding. Op die einde van die dag is ons uitsluitlike doel hier op aarde om God te dien.

“Everyone who is called by My name, whom I created for My glory, whom I have formed and made.” (Isaiah 43:37)

“The end of the matter; all has been heard. Fear God and keep his commandments, for this is the whole duty of man.”
(Ecclesiastes 12:13)

UITLEWING VAN MY GELOOF AS SPEELGROEPIE-ONDERWYSERES

Monica van den Berg *werk by die Hansworsie Speelgroepie. Sy studeer tans onderwys deur UNISA, en maak volgende jaar klaar met haar studies. Sy is in die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.*

As speelgroepie-onderwyseres begin ons ons dag saam met die kinders met ‘n Bybel-les en ‘n gebed. Om die dag só saam met die kinders te begin en om hulle te verduidelik oor die almag van God, help ‘n mens self ook om ‘n mens se geloof te versterk. Ek dink om die dag saam met die kinders te kan begin, gee die kinders ook ‘n baie goeie basis vir hulle geloofslewe. Deur die manier waarmee ek die kinders behandel en leer, dink ek mense kan sien dat ek ‘n Christen is. Dit is nie altyd maklik nie, maar tog besef ek dat kinders ‘n gawe van God is en dat ek hulle reg moet leer van God en sy Woord.

Deur die week leef ek my geloof uit in alles wat ek doen. Ek val nie maklik onder groepsdruk as dit kom by die geloof nie; ek sal altyd my besluite neem volgens wat in God se Woord staan. Soms kry ‘n mens situasies waar ‘n mens ‘n moeilike besluit moet neem, maar ek dink om God te vra vir hulp in sulke tye en te vra dat Hy jou die regte keuse sal laat maak is baie belangrik in ‘n mens se geloofslewe. Om God vir hulp te vra, help jou om nie ‘n menslike keuse te maak en te doen wat ander mense van jou wil hê nie, maar om dit eerder te toets aan God se Woord.

HOE IS EK CHRISTEN IN MY MANIER VAN KLASGEE?

__Hilde Kamphuis__ is sedert 2013 'n onderwyseres by Clapham High. Sy het by AROS gestudeer en is lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.

Dis uiteindelik die einde van die skooldag. Ek gaan sit by my lessenaar en dink oor alles wat deur die dag gebeur het. Ryan* stap juis daardie oomblik in my klas in en gaan sit moedeloos by die voorste tafel. Ek besef dadelik dat my taak vir die dag nog nie afgehandel is nie. Ryan begin vertel hoe moedeloos hy is, hy wil nie terugkom skool toe nie, hy wil nie meer lewe nie. Sy punte is te sleg, hoe moet hy dit vir sy ouma sê? Ja, liewe leser, hierdie seun het nie meer ouers nie. Hy woon by sy ouma. Sy omstandighede is vreeslik. Tog kom hierdie 17-jarige na my toe vir raad. Wat sê 'n mens vir so 'n jong mens? Die enigste ding wat in my kop opkom, is om te vra of hy in God glo. Hy knik darem sy kop. Daar begin Ryan vertel dat hy elke Sondag kerk toe gaan. Hy praat elke dag met God. Ek gee vir hom die teksvers wat vir my ook so baie beteken: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my die krag gee." (Filippense 4:13) Hy het 'n uur later met nuwe moed uit my klas gestap. Ryan kom steeds gereeld na my toe en deel met my wat hy die Sondag by die kerk gehoor het of iets wat hy in sy Bybel raakgelees het. Wat 'n seën!

Maar hierdie is slegs 'n klein deeltjie van skoolhou. Daar is so baie verskillende aspekte van 'n Christelike manier van klasgee. Dit gaan nie net oor wat jy in die klas beteken nie. Dit gaan oor jou hele houding, jou menswees. Hoe jy optree tussen jou kollegas, hoe jy aantrek, jou taalgebruik, die manier hoe jy elke kind benader, jou lewenstyl. Verder is 'n onderwyser een van die belangrikste figure in 'n kind se lewe en dikwels die kind se rolmodel.

In die klas

Soos die meeste van julle weet, mag 'n onderwyser nie hul geloof of standpunte op die leerders afdwing nie. Daar moet vryheid van geloof wees. Maar partykeer is daar baie goeie situasies waar jy wel kan wys wat jy glo. Die verskillende tipe temas wat uit 'n leesboek na vore kom, is 'n goeie voorbeeld. Dan wys ek hulle daarop dat dit nie die regte ding is om te doen nie. Jy wys hul dus eerstens op die morele waardes en soos wat jy jou klasse leer ken, kan jy meer oor jou geloof deel. Ek het nou die dag die gedig/liedjie 'Huisie by die see' met my graad 10's bespreek. Die laaste reël in die gedig is "… die rots waarop my huisie staan." Dit het in 'n lekker gesprek ontaard, want ek het hul gevra wie of wat hul rots in die lewe is. En die meeste het geantwoord dat net God jou Rots kan wees.
Wys die kinders altyd waarin jy glo, maar moet dit nooit forseer nie. Ons is deur God in sekere posisies geplaas, en dit skep geleenthede om oor jou geloof te praat.

Jou houding en die voorbeeld wat jy stel

Dis belangrik om onderwys as 'n roeping en 'n passie te sien. Daarsonder is 'n mens geneig om net die nodige by die werk te doen. Jy moet altyd bereid wees om daardie ekstra myl te loop (met die leerders, maar ook die kollegas). Die leerders sien baie gou raak as jy nie eintlik jou werk wil doen nie. Leerders kyk na alles wat jy doen, ook hoe jy dit doen. As jy elke dag negatief is en nooit 'n bemoedigende woordjie vir die leerders het nie, stel die kinders ook nie belang om enigsins moeite te doen nie. Jy dra jou positiwiteit oor aan die leerders. Daardeur wys jy ook jou liefde vir jou vakgebied. Kinders is vinnig geneig om jou te begin naboots, goed of sleg!

Tussen jou kollegas

Ongelukkig is daar altyd mense wat jou lewe probeer versuur. Die manier hoe jy dit hanteer sê baie van jouself. Leerders lyk dalk asof hulle nie alles weet nie, maar jy sal verbaas wees oor hoe baie hulle weet van wat in die skool aangaan. Daar is gevalle waar onderwysers hulle kollegas met die leerders bespreek en dit is natuurlik onaanvaarbaar. Die Here vra van ons om te alle tye ons naaste lief te hê soos onsself. Weereens, jou Christelike karakter en lewenswyse moet na vore kom. Leerders hou die onderwysers fyn dop in die manier hoe hulle met mekaar omgaan. Die kinders sal die voorbeeld en professionaliteit wat jy daar wys, raaksien en waardeer. Hulle is nog op soek na rolmodelle. Onthou: jy is dalk 'n kind se enigste rolmodel!

Kleredrag
Die klere wat jy dra wys wat jy van jouself en jou werk dink. In die onderwys is dit van kardinale belang om ten alle tye netjies en professioneel te wees. Dit gebeur gereeld dat jy skielik 'n ouer moet sien of 'n vergadering moet bywoon. Jou kleredrag wys dus watter tipe mens jy is. As Christen moet jy selfs meer daarop fokus. Jou liggaam is tog immers tempel van God, waarom sal jy dan nie wil moeite doen nie?

Taalgebruik
Die taalgebruik in jou klas en op die skoolterrein is uiters belangrik. Hier gaan dit ook nie net oor wat jou taalgebruik as onderwyser is nie, maar ook wat jy vir die kinders sê en hoe jy optree as die leerders vloek. Jy moet die voorbeeld stel; sê dus vir 'n leerder dis verkeerd om so te praat as jy hom hoor vloek of lelik praat. Dié houding sê baie van jouself. Aan die begin sal hulle jou nog vreemd aankyk, later berispe die leerders al mekaar.

*Skuilnaam gebruik

'n Kind word wat hy geleer word;
daarom moet ons baie versigtig wees
wat ons hom leer en hoe ons voor hom leef.

OOP 24/7

Sean-Anderson Feun *woon gereeld die eredienste van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria en die Living Hope Church in Akasia by. Hy is in 'n verhouding met Janet Pouwels. Aangesien hy 'n radiograaf is, word daar baie keer van hom verwag om op Sondae aan diens te wees.*

"Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God; dan mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die sabbatdag geseën en dit geheilig."
(Exodus 20:8-11)

Ons is almal vertroud met die vierde gebod van God, maar is daar 'n uitsondering tot hierdie gebod? Mag 'n mens werk op die sabbat, die dag wat God vir ons apart gesit het as rusdag?

Ek noem 'n paar voorbeelde. Een Sondagmiddag gebeur daar 'n fratsongeluk by die huis. Daar word na die hospitaal gejaag net om te vind dat geen personeel aan diens is nie. Dit kan mos nie?
Is dit nie ons verwagting dat daar altyd in so 'n geval iemand met die nodige kennis en kwalifikasie aan diens is nie? Is hulle dan 'n uitsondering van die wet?
Wat van predikante? Is Sondag, die dag van die Here, nie juis die dag waarop hulle hul roeping uitleef nie?
Jesus het dan self ook op die sabbat wonders verrig. 'n Voorbeeld is toe Hy die siek man van Betesda genees het (Johannes 5:1-15). Dit blyk hieruit dat daar nie regtig 'n probleem is om te arbei op die sabbat nie.

Maar is dit werklik so? Dit is belangrik om in elk van die gevalle te kyk na die intensie waarmee die arbeid of wonder verrig word. Intensie speel 'n baie belangrike rol in alles wat ons doen.

Intensie kan die onderskeid wees tussen mediese personeel wat arbei om eie finansiële gewin of om werklik daar te wees vir hul naaste in tyd van nood. Dit kan lei tot hoogmoed wanneer 'n predikant homself as magtig ag en heeltemal sy afhanklikheid van God vergeet. Die intensie om goed te doen en om God se koninkryk te bou is wat Jesus gelei het om daardie man op die sabbat te genees.

Die hoofdoel van die sabbat is tog om toegewyde tyd aan God te kan bestee waartydens 'n mens kan

rus en uit dankbaarheid nuwe krag ontvang. Baie mense bevind hulleself in situasies waar daar van hulle verwag word om te arbei op Sondae omdat dit die maatskapy se standaard of norm is. Dit is geen verskoning om die wet van God te oortree nie. Dit is in sulke gevalle waar Christene juis moet opstaan vir hulle geloof.

Ek glo dat daar geen uitsondering is aan die wet van God nie. Daar is slegs die vervulling van die wet deur naasteliefde en dat om te arbei op 'n Sondag slegs weens die regte redes behoort te wees. Die sabbat is immers gemaak vir die mens en nie die mens vir die sabbat nie. Deur dit te misbruik of hoegenaamd te ignoreer, is dwaasheid.

Op die sportveld

HOE KAN EK SPORT OP 'N CHRISTELIKE MANIER BEOEFEN?

***Magda de Mooij** is 'n graad 12-leerder aan Brackenfell Hoërskool. Sy beoefen verskeie sportsoorte, onder andere hokkie, landloop, atletiek en gimnastiek. Sy is in die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.*

Sport is iets wat so baie mense regoor die wêreld verbind. Dit is 'n belangrike deel van duisende, selfs miljoene, mense se lewens. En ek is bevoorreg genoeg om ook een van daardie mense te mag wees. Sport is ook 'n groot deel van my lewe en neem baie van my tyd in beslag. Tog voel ek dat ek deur God geseën is met talente en gawes op sportgebied.

Maar hoe leef ek my geloof hierin uit? Hierdie Godgegewe gawes en seëninge wil ek ter ere van sy Naam gebruik. Mense kyk altyd op na die manier hoe jy optree, wat jy sê en hoe jy moeilike situasies hanteer. In alles wat jy doen en bereik, dank God alleen. Elke keer wanneer jy op die sportveld stap of deelneem aan 'n moeilike kompetisie, dan mag jy weet dat jy tot alles in staat is deur Christus wat jou krag gee.

Tog is daar soveel uitdagings wat 'n mens in die gesig staar. Een van die grootstes is seker die deelname aan sport op 'n Sondag, nie net op internasionale vlak nie, maar selfs nou op skoolvlak. Dit is maklik om 'n oefening of wedstryd na 'n Sondag te skuif wanneer daar te min tyd deur die week is. Alle aandag word op sport gefokus en dit het beslis een van die belangrikste dinge vir mense geword, selfs vir sportondersteuners. Die fokus word dan weg van God geskuif.

Die deelname op 'n Sondag bly jou eie keuse. Jy moet jouself afvra wat vir jou belangrik is: opgaan na God se huis omdat Hy jou nooi, of wegbly vir jou eie gewin? Tog het mense 'n tipe respek vir jou wanneer jy liewers kerk toe gaan as om 'n wedstryd te speel of te oefen.

Jy moet aanhou om jouself daaraan te herinner om sport ter ere van God te doen en Hom te dank, want sonder Hom sou jy dit nie kon doen nie.

Mense sien dit raak wanneer jy God dank, voor en na 'n wedstryd, wanneer jy stil raak in moeilike situasies en wanneer jy bid vir krag en hulp.

> "En wat julle ook al doen, in woord of daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus, terwyl julle God die Vader deur Hom dank." (Kolossense 3:17)

GELOWIGES OP DIE SPORTVELD

Albrecht Luijk *het laasjaar sy BCom Finansiële Bestuursgraad voltooi, en studeer nou CFA en werk deeltyds. Hy is 'n sokkerspeler en speel ook tennis. Hy is in die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.*

As Christene moet ons probeer om altyd 'n voorbeeld te wees vir ander mense. Ons moet altyd daarna streef om te lewe soos wat Jesus geleef het. As ons dus as Christene sport beoefen, moet ons bereid wees om goeie sportmanskap te reflekteer in die vorm van eerlikheid, geduld, ens.

Dit is natuurlik baie maklik om dit alles te sê en ons weet almal hoe ons dit eintlik moet doen en hoe ons onsself moet gedra, maar die vraag is of ons dit dan ook dóén. Ek weet dat, as ek na myself kyk, dit nie altyd die geval is nie. Sport is kompeterend en 'n mens hou nie daarvan om te verloor nie. As 'n skeidsregter dan nog verkeerde beslissings maak, is dit soms moeilik om jou humeur in toom te hou. Dit vra baie selfdissipline, iets waarvan ons meestal maar min het.

Ons jeug het onlangs 'n lesing gehad oor 'anger'/ woede, deur tannie Gwen van den Berg. In hierdie lesing kon ons sien dat 'n mens kwaad raak as jy bedreig voel. Die beste manier om met woede om te gaan, is om die bedreiging te identifiseer en dan te besluit wat die regte aksie is om te neem. Dit is egter baie moeilik om dit tydens 'n wedstryd te doen. Probeer daarom om voor die wedstryd die 'bedreiging' te identifiseer, met ander woorde: Die moontlikheid is daar dat spelers of skeidsregters jou gaan kwaad maak. Die bedreiging wat tot hierdie woede lei, is dat jy bang is om te verloor of omdat jy benadeel word deur ander spelers of 'n skeidsregter.

Ons reageer baie maklik op bogenoemde deur kwaad te raak. Eintlik moet ons reaksie wees om dit te aanvaar en nie om dieselfde terug te wil doen nie. Deur ons dade moet ons wys hoe 'n Christen hom/haarself gedra. Die dade van ander mense moenie óns gedrag beïnvloed nie. Inteendeel, ons moet juis des te meer ons lig uitstraal.

Dit gebeur egter nog steeds dat ons soms wel direk kwaad terug reageer. Die beste ding om dan te doen, is om, wanneer jy gekalmeer het, te besef jy was verkeerd en om verskoning te vra vir jou kwaai reaksie teenoor die skeidsregter of speler.

In moeilike tye

LAAT U WIL GESKIED; EN WAT DAN?

__Oom Hans Snijder__ is tans lidmaat van die VGK Johannesburg. Hy is al afgetree, maar vul sy dae deur onder andere skilderkuns.

As jy ‘n ingrypende verlies moet verwerk, bv. een van jou ouers gaan dood, of iemand van die skool kom in ‘n ongeluk te sterwe, of iets dergeliks, dan kan gevra word hoe jy jou geloof in die omstandighede uitgeleef het. So ’n vraag plaas egter die fokus op jouself. Dit is verstaanbaar as jy as gelowige so ‘n vraag vra, maar is die vraag reg?

Een antwoord sou kon wees: “Sy wil het geskied.” In berusting aanvaar jy dus wat gebeur het en jy gaan aan met die lewe. Verliese gebeur te dikwels om lank daarby stil te staan. Maar wat jy mis aan vriendskap of vertroue, kom nie weer terug nie. Die gemis bly. En dit is nie wat jy wil hê nie. Jy hunker na daardie intieme verhouding wat nou nie meer daar is nie. As gelowige begin jy daarvoor bid. Die Here weet mos dat ek dit wil hê. Ek is lief vir die Here en Hy sal dit wel gee, want Hy verhoor die gebede van sy kinders. Die fokus is egter nogsteeds op jouself gerig. As jy so iets begeer dan verwág jy dat jy dit moet kry.

Begeertes

Paulus praat anders oor begeertes. Slaan die Bybel maar oop by Romeine 7. Hy sê in vers 7b: “...want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie.” En gaan verder: “Maar die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en in my allerhande begeerlikheid gewerk.” Vers 11 sê: “Want die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en my verlei en daardeur gedood.”

Dink aan die paradys. Die boom lyk opeens baie begeerlik nadat Eva na Satan geluister het, maar dit bring die dood. Vir haar en vir Adam. Paulus kom dan tot ‘n konklusie in vers 15: “Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek.” Hy formuleer dit in hierdie wet: “...as ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig.” (vers 21)

In my lewe begeer ek alles wat ‘n ander geniet en ek nie het nie. Dié les leer jy as jy verder wil kyk na so ’n gebeurtenis. Maar nie jy is doenig nie, maar die Vader is besig met jou. Verrassend is dan dat Hy die “kwaad wat Hy in hierdie jammerdal oor jou beskik tot jou beswil verander.” (HK Sondag 9, v/a 26)

Die geloof

Nou kom ons by die geloof. Daarvan “glo ons dat die Heilige Gees ‘n opregte geloof in ons harte laat ontvlam. Die geloof omhels Jesus Christus. Dit maak Hom ons eie en soek na niks anders as na Hom nie.” (NGB Artikel 22) U ken die verhaal uit Mattheus 14. Op die bevel van Jesus klim Petrus uit die skip om by Jesus te kan kom, “maar toe hy die sterk wind sien, het hy bang geword en uitgeroep: Here red my!” Jy kan Jesus nie jou eie maak as jy heeltyd na die golwe in die lewe kyk nie. Praat dus nie van ‘my geloof’ het dit of dat gedoen nie of ‘ek het dit uitgeleef’ nie. So spreek die charismatiese mens, maar nie ‘n Christen nie. ‘n Christen soek Christus en al sy verdienste; hy pleit op sy beloftes; hy soek eers sy koninkryk en sy geregtigheid, omdat hy weet dat Christus weet wat ek nodig het. Benodig vir diens aan Hom!

As ons geleer het om ons begeertes as sonde te sien, en Hom in geloof te soek, dan word die bede ‘laat u wil geskied’ ‘n pleit op beloftes. Klaagliedere gee dit pragtig weer: “Die Here is my deel, sê my siel, daarom sal ek op Hom hoop. Goed is die Here vir die wat Hom soek. Dit is goed om in stilheid te

hoop op die hulp van die Here. Dit is goed vir 'n man dat hy die juk in sy jeug dra." (Klaagliedere 3:24-27) Geen berusting, maar eenswillend met sy Woord word ons geleer, want sy wil alleen is goed.

En wat dan?
En wat dan? Dan kom daar vreugde en geduld. Dan is ek daar waar die Here my wil hê, by Hom.

> "Hy sal dan met ongeduld daarop wag om jou genadig te wees, en daarom sal Hy Hom verhef om Hom oor jou te ontferm; want die Here is 'n God van die gerig. Welgeluksalig almal wat op Hom wag!" (Jesaja 30:18)

Was dit maar so eenvoudig soos dit klink. In ons lewe hier op aarde sal ons dit nooit bereik nie. Die bede dat ons deur Woord en Gees regeer sal word, is die tweede bede. Daarna kan ons in gehoorsaamheid ons aan sy wil onderwerp. So loop jy en ek die pad van heiligmaking. God beproef hom wat Hy liefhet. As hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet (Jakobus 1: 12).

"Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie."

Dit kan jy lees in Spreuke 22: 6. Wees dan so besig om jou Vader wat in die hemel is te leer ken, want dan word jou "Laat u wil geskied" nie 'n selfgesentreerde bede nie, maar 'n verlange na God se heil en wil waardeur ons by Hom vertroosting ontvang.

VRA NET EN LUISTER, WANT HÝ IS IN BEHEER

Geskryf deur: Christiaan Visser

Wanneer jy jonk en sterk is en die lewe lê voor jou en jou planne wat jy gemaak het begin om uit te werk, staan jy voor groot besluite: Moet ek 'n huis koop of huur? Watter soort kar kan ek koop met die beskikbare fondse? In hierdie tyd van jou lewe dink jy nie aan dinge soos polisse, versekering, jou oudag, ensovoorts nie. Nee, jy geniet van jou jonkheid en jou lewe, natuurlik binne die lyne en bakens van 'jý as kind van God.' Natuurlik mag jy jou lewe geniet. Dit word duidelik in God se Woord aan ons gewys dat ons mag en kan geniet van alles.

Maar dan, eendag, kom jy agter dat jou jonkwees nie 'n waarborg van 'n lang en gelukkige lewe is nie. Jy is 'n mens, net soos enigiemand anders, oud of jonk. Opeens stort jy as mens inmekaar en jy besef dat jou lewe hier op aarde op sy einde is, of so voel jy. Die redes vir sulke gevoelens of denke kan veelvuldig wees. Miskien is jou verhouding met iemand verbreek omdat die ander persoon nie glo dat jy die beste lewensmaat vir hom/haar is nie. Miskien het jy jou werk verloor, of iemand naby aan jou het jou diep seergemaak op een of ander manier. Hoe dit ook al sy, jou lewe is onherroeplik verander.

So was dit dan ook met my. Ek word vyf jaar gelede gediagnoseer met 'n soort kanker waaraan niks gedoen kan word nie. Die woorde van die eerste dokter onder trane was: "Jammer Meneer, maar u gaan binnekort sterf." Dit met 'n pasgebore seun in my arms. Wat sê 'n mens dan? Jy stap uit en dadelik kom allerhande vrae by jou op. Hoekom ek? Hoekom nou? Wat het ek gedoen om dit te verdien? Vir die meeste mense is so 'n ervaring onbekend, maar ek mag getuig dat ek (en my familie) die nag in gebed deurgebring het. In die Psalms smeek Dawid dikwels vir sy lewe, en so het ek ook gesmeek vir my lewe. So het my vrou Annelieke my ook ondersteun en gehelp. Deur haar geloof en ons gesamentlike geloof en gebede aan God, kon ons deur hierdie swaar tyd in ons gesinslewe werk.

God het binne 'n kwessie van 24 uur uitkoms gegee, Hy het my lewe gespaar! Die eerste diagnose was verkeerd, die tweede opinie was verkeerd, maar die derde het uitgewys dat die siekte baie goed behandel kon word en dat ek gou gesond sou word. Al die vrae en geen antwoorde! Wie is jy dan as Christen? Hoe glo jy en wat doen jy daaraan? Is jou knieë rou gekniel? Dit laat my dink aan James Dobson wat noem dat sy predikant se skoene altyd stukkend was van loop na mense toe, maar veral op die punte omdat hy so baie gekniel het om te bid. Deur dit alles het God gedra, Jesus vertroos en die Gees kragte gegee.

Hy het my, ons, ryker gemaak in die gees. Hy het my geseën in meer as wat ek sou kon dink.

Waar staan ek as Christen-kind dan vandag? Hier is 'n moeilike vraag: Wou God my straf of vergeld vir iets wat ek gedoen het? Wil God my laat sien dat ek kán seerkry in my lewe? Nee, God wys my dat ek deur Hom gekies is en sy pad moet loop, dat ek deur Jesus se bloed gewas is en dat ek deur alle swaarkry gelouter word om deur Hom nader getrek en gelei te word tot sy ewige koninkryk.

Dit is maklik om af te dwaal, ons doen dit almal daagliks, maar dit is ook maklik om by die Here te bly, solank ons maar bid.

Hoe is jy dus 'n Christen in verskillende fases van jou lewe? Wat beteken dit eintlik? Jy moet dit self weet en ervaar, solank dit op jou knieë voor die Here is. Dit beteken nie dat jy eelte op jou knieë moet hê nie, maar dat jy die Here in elke oomblik van jou lewe om hulp roep en dankbaar dankie sê. Die Almagtige Vader, ons Beskermer en Opsiener, Jesus Christus ons Voorbeder en Saligmaker, en die Heilige Gees, ons Hartbewerker. Bid en vra, en Hy (Drie-enig) skenk dit. Hy hou jou lewe in sy hand. Hy het 'n doel met jou lewe. Vra net en luister, want Hý is in beheer.

In 'n vreemde land

WAAR IS MY VOETE?

***Ilse Drijfhout** het in 2011 vanuit Nederland na Suid-Afrika geëmigreer. Haar pa is tans predikant by die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria. Ilse is 'n graad 11-leerder aan die Gereformeerde Skool Dirk Postma.*

Ná drie jaar hier in Suid-Afrika is my storie lank en daar is baie wat ek kan vertel. Baie waaraan ek laggend kan terugdink, maar ook baie waarvoor ek dankbaar kan wees: ek kan sien dat God met ons was en dat Hy sy beloftes hou.

Die avontuur het maar gewoon in ons woonkamer begin, 'n doodgewone Saterdagaand. Ons het afwagtend op die bank gesit: 'n rytjie gespanne kinders teenoor my pa. "Ons het nog 'n beroep uit Suid-Afrika gekry. Nou het ons besluit om dit aan te neem." Daar het blykbaar nog 'n hele verhaal gevolg, maar dit het ek nie gehoor nie. Die aand het ek 'n leë notaboekie gevat en dit volgeskryf. Word my droom nou werklikheid, of was dit 'n nagmerrie gewees? Hoe gaan dit wees? Wat op aarde gaan van ons word; en bowenal –wáár op aarde?! Maar Hy sal ons mos lei?

Vrydag die 13de Mei het 'n onbekende avontuur begin; hier, 9700 kilometer weg van ons familie, vriende, kerk en land. Van die vliegtuig af in die rooi landskap; senuweeagtig, opgewonde, bietjie bang en verwonderd, maar veral moeg. Die afskeid was moeilik gewees – natuurlik – en al die nuwe indrukke was te veel vir een dag. Die hele ervaring was groter as wat ek verwag het; 9700 kilometer maak nogals 'n verskil in wêreld en kultuur. 'n Emigrasie word met reg 'n emigrasie genoem; dis tog nie sommer ietsie nie.

Ek was 'n avonturier in 'n nuwe wêreld, maar het vinnig besluit dat ek nooit 'n Afrikaner sou wou wees nie! Dit was mooi en interessant, maar ook moeilik om aan te pas en 'my voete te vind'. Ek het soms so onbegrepe en oorbodig gevoel, met

so 'n heimwee na die huis. Selfs Suid-Afrika is nie net sonskyn nie, en ondanks moderne media is kontak nie dieselfde nie. Maar ek het ook geweet dat Nederland nie meer my tuiste is nie. So bietjie tussen niks en nêrens. Die wêreld is nie vir sissies nie! Dit was moeilik en onseker gewees by tye; wat is ek? Wanneer ek teruggekom het van kuiers het ek maar huilend Prediker gelees. Geweet: ek pas nie hier nie. Alles was so anders, so moeilik om te verstaan; hoe dínk die mense?! Kultuur is so bepalend vir hoe jy die wêreld sien. Dit was 'n groot aanpassing; dit het tyd gekos en ek het geen geduld gehad nie.

Maar ek het elke uitdaging as 'n missie begin sien: Afrikaans leer, nuwe vriendskappe bou, Afrikaanse humor en denke verstaan, aanpas, skoolwerk inhaal, oor afstand kontak hou, braai, by 21ste laan op fietsry, Weetbix eet in die oggende, duisende drukkies oorleef en so aan. Dit was nie alles maklik nie, maar ek is trots en dankbaar vir wat ek geleer en ervaar het.

'n Verlange na wat 'n mens mis sal altyd bly. Noudat ek terugkyk, sien ek dit tog as 'n voorreg om my vastigheid/sekerheid te verloor, want so het ek dit juis gevind. Ek hoort nie hier nie, maar net so min in Nederland. Ek hoort nie op aarde nie. Dit was 'n geweldige troos om te begin verstaan dat ons net op 'n deurreis is; ons Vader wag vir ons en Hy sal ons tuisbring. Met dít as eindpunt maak die pad nie meer soveel saak nie. Hy het ons hier gebring, dan moet dit wel goed wees; Hy het immers so besluit. Dan sál Hy my ook die krag gee om dit te doen.

Nou kyk ek baie tevrede en opreg dankbaar terug op die afgelope drie jaar. Ek het soveel ontdek en soveel nuwe mense en goeie vriende leer ken. Dinge is anders; nie beter óf slegter nie, net anders. Nou wil ek Hom net volg en gaan waar Hy my lei; dan is dit goed.

"ENIGE VREEMDE LAND KAN HULLE VADERLAND WEES..."

***Dominee Erik van Alten**, wat van 2005 tot 2013 predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Maranata was, het saam met sy gesin in Julie 2013 na Oekraïene geëmigreer. Daar werk hy nou as dosent aan die Evangelical Reformed Seminary of Ukraine (ERSU).*

Uit die tweede eeu na Christus het 'n brief aan 'n sekere Diognetus vir ons behoue gebly. Dele uit hierdie brief is besonder treffend as ons nadink oor ons Christen-wees in hierdie wêreld, ook in 'n vreemde land: *"Christene verskil nie van ander mense oor die plek waar hulle bly of hulle taal of gewoontes nie. Hulle bly nie iewers anders in hulle eie stede nie; hulle praat nie een of ander vreemde taal nie; hulle leef nie op 'n snaakse manier nie. Dit wat hulle glo, is nie deur die intelligensie of verstand van mense uitgedink wat daarvan hou om nuwe goed uit te dink nie. Hulle hou hulle ook nie soos party ander mense besig met menslike leerstellings nie. Hulle bly in Griekse en in nie-Griekse stede, soos dit beskik word, en wat klere en kos en ander dinge betref, het hulle dieselfde gewoontes as die mense wat daar woon. En tog is die manier waarop hulle lewe wonderlik en eenvoudig buitengewoon!*

Hulle bly in hulle eie vaderlande, maar asof hulle buitelanders is. Soos goeie burgers neem hulle

aan alles deel, en tog moet hulle baie swaarkry verduur asof hulle vreemdelinge is. Enige vreemde land kan hulle vaderland wees, en tog is enige vaderland vir hulle soos 'n vreemde land.

Hulle trou soos al die ander mense; hulle kry kinders, maar hulle raak nie van hulle kinders ontslae nie. Hulle deel hulle kos met mekaar, maar nie hulle huweliksmaats nie. Hulle leef tussen ander mense, maar hulle doen nie die slegte dinge wat mense gewoonlik doen nie. Hulle bly op die aarde, maar hulle is eíntlik burgers van die hemel."

Vreemdelingskap

Lees gerus die hele brief op http://www.wendag.com/forum/pages.php?pageid=5. Die sinnetjie wat vir ons van belang is, vind ons in die tweede paragraaf: "Enige vreemde land kan hulle vaderland wees, en tog is enige vaderland vir hulle soos 'n vreemde land." Hoe het ons die waarheid hiervan nie in die afgelope jaar beleef nie. Ons kyk terug op 'n jaar waar daar so baie veranderings in ons lewens gekom het. 'n Jaar wat so onvoorspelbaar was. En 'n jaar wat met ryke seëninge besaai was. Ons het in 'n vreemde land gekom, waar die taal onverstaanbaar was, die kultuur verskillend, die klimaat totaal anders, en die politieke omstandighede onrustig. Maar die mooiste in al die veranderings was dat God standvastig is: sy beloftes bly dieselfde, sy sorg vir ons was elke dag oorvloedig.

Gedurende die afgelope jaar was ons telkens gekonfronteer met die gedagte dat God Abraham as vreemdeling na 'n vreemde land laat trek het. Wat beteken dit om vreemdeling te wees in 'n vreemde land? Vir ons het dit beteken dat ons fokus meer op God gerig is; Hy is immers jou enigste toeverlaat. En terselfdertyd was daar die teenstrydige gevoel dat jy jou Christenskap nie behoorlik kon uitleef nie. Wat beteken God vir jou as jy dit nie kan deel met mense om jou heen nie? Maar God het ons ook geduld gegee, en vertroue op Hom. Op sy tyd gebruik Hy ons soos Hy wil. Dit gaan nie oor wat óns doen nie, maar oor hoe God se Naam geëer kan word. Dan word 'n mens soms gedwing om nederig te wees, en geduldig op sy leiding te wag. Daarby het God al die nodige ondersteuning van medegelowiges gegee, iets wat in ons verwondering gewek het. Almal wat vir ons boodskappe gestuur het en vir ons gebid het, wil saam met ons bou aan God se koninkryk. God gebruik mense op maniere wat ons nie kan oorsien nie. En saam mag ons hierdie God dien.

Twee lesse

Daar is twee lesse wat ons graag met Olielamp-lesers sal wil deel.

Uitgaande van die feit dat julle Suid-Afrikaners is wat binne die VGKSA lewe, is die eerste les om die rykdom wat julle van die Here ontvang het, nie as vanselfsprekend te aanvaar nie. Wie te midde van groot rykdom opgroei, loop die gevaar om die rykdom met verloop van tyd mis te kyk of selfs te versmaai. Maar wanneer jy skielik op Sondae met 40 mense bymekaarkom, die preek nie kan verstaan nie, die liedere nie ken nie, nie met die mense kan praat nie, geen psalms en kerkgeskiedenis by die skool leer nie, eers dán besef jy hoe ryk ons in die VGK is.

Twee eredienste op 'n Sondag. Die ryk prediking, ten spyte van sommige se kritiek dat hulle dít of dát mis. Die skatkis van die psalms waarin ons erediens na erediens ons eie emosies gereflekteer mag sien. 'n Vol kerk met honderde ander wat saam met ons die Here wil dien. Gereformeerde onderwys waarvan ons die waarde nie genoeg kan beklemtoon nie. Weeklikse katkisasie waar ons die belydenis van die kerk van alle eeue ons eie mag maak. Die Here het ons baie gegee!

Tydens my bediening in Suid-Afrika het ek soms gesien hoe veral jongmense skop teen dít wat hulle as verouderd of selfs as dooie tradisie beskou het. En uiteraard moet ons altyd daarna streef dat ons diens aan die Here, sowel in die

kerk as persoonlik, op die hoogste moontlike vlak kan wees. Maar waak daarteen dat jy dít wat jy as 'gewoon' leer ken het, uitspoeg as oudtydse tradisie. Dink aan Israel in die woestyn: die manna was wonderbrood uit die hemel, maar die volk was later so gewoond aan hierdie 'wonder' dat hulle daarvan gewalg het. Moenie dat die mag van die gewoonte jou laat walg van die rykdom wat die Here gee nie. Geniet daarom bewustelik van die rykdom van die gereformeerde leer, erediens en lewenswandel.

Die tweede les is amper die teenoorgestelde van die eerste – sonder om daarmee afbreuk te doen aan die eerste – en dit is dat 'n mens jou eie tradisie ook moet kan relativeer. Daar is naamlik aspekte van ons gereformeerde erediens en lewenswandel wat eie is aan die tradisie waarin ons grootgeword het, maar wat in ander dele van die wêreld heeltemal anders gedoen word. Ons noem 'n paar voorbeelde. By ons in die gemeente word die nagmaal staande gevier in 'n groot kring, en aan die einde hou almal hande vas terwyl daar gebid word. Daar is vrouens wat die kollekte opneem, sonder dat hulle daarmee amptelike diakonesse is. Daar is slegs een erediens op 'n Sondag. Tydens elke erediens word daar 'n kers gebrand. Verskillende gemeentelede word tydens die erediens gevra om te bid. Dit is gebruike wat by ons moontlik besware (en selfs beswaarskrifte) sal oproep.

Maar ons moet leer om die rykdom van die gereformeerde leer en lewenswandel (die eerste les) nie te vereenselwig met óns gebruike en tradisies nie, hoe ryk daardie gebruike en tradisies ook mag wees. En wanneer jy dit kan doen, kan jy ook die gebruike en tradisies van gelowiges op ander plekke in die wêreld na hulle waarde skat. Ons moet 'n fyngevoeligheid ontwikkel om te onderskei watter ruimte daar binne die Here se goeie grense is vir verskillende vorme en gewoontes.

Om in 'n vreemde land Christen te wees, stel jou voor uitdagings en vrae waaroor jy in die beskermde omgewing van jou eie land en omgewing nooit behoorlik nagedink het nie. Dit is goed om hiervan bewus te wees. En die praktyk van die afgelope jaar in die Oekraïene het veral bogenoemde twee lesse by ons tuisgebring. Dit gee enersyds vastigheid in dit wat ononderhandelbaar is volgens die Skrif, maar dit gee ook vryheid dáár waar die Here vryheid laat. En ook as jy weet dat 'n sekere aspek van die leer of lewenswandel geen vryheid toelaat nie, dan nog vra dit geduld om saam die pad te stap tot waar ons glo die Here ons wil hê. Ons is immers nie alleen op die wêreld nie, ons is ook nie slegs met Suid-Afrikaanse VGK'ers op die wêreld nie. Nee, saam met alle heiliges mag ons ten volle leer begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte van die liefde van Christus is (Efesiërs 3:18-19).

GOD SAL JOU LEI TOT WAAR HY JOU WIL HÊ

Geskryf deur: Kobus Venter

Wie is jy, van waar kom jy en wat doen jy in die lewe?

My geboortename is Jakobus Daniël Venter, maar almal noem my maar Kobus. Ek is gebore in Middelburg, Mpumalanga, 'n regte klein dorpie, of eerder, dit wás daardie jare baie klein gewees. Tans verkeer ek in die IT-wêreld en is 'n Junior Support Administrator by Wasteplan in Durbanville, terwyl ek deeltyds studeer.

By watter kerk was jy voordat jy by die VGK aangesluit het?

Voor ek by die VGK aangesluit het, was ek lid van die Gereformeerde Kerk Bellville-Oos, nie ver van ons gemeente nie. Ek was daar vandat ek so 14 jaar oud was, vandat ons Kaap toe getrek het. In daardie gemeente het ek katkisasieklasse geloop, asook belydenis van my geloof afgelê. Ek was tot ongeveer middel laasjaar 'n lid daar voordat ek na die VGK oorgeskuif het.

Watter redes het daartoe gelei dat jy oorgeskuif het na die VGK?

Soms kan jy so tuis voel in 'n gemeente, en tog diep binne jou hart voel jy dat iets nie is soos dit hoort nie. Ons almal wonder soms of God nog met 'n mens praat en raad gee met die pad vorentoe, en in hierdie geval het dit presies gevoel asof God my na die VGK gelei het. Ek het op daardie stadium saam met my verloofde, Tanja Pienaar, kerk toe gekom en elke keer wat ek by 'n erediens was het ek die gevoel gekry dat ek hier hoort. Hier is die plek waar ek moet wees en waar ek 'n groot bydrae kan maak tot die Christelike geloof. Ek weet God het 'n plan met alles en so ook met die skuif wat ek gemaak het om na die VGK te kom. Ek het alreeds soveel wonderlike mense ontmoet en die eerste jaar van my lidmaatskap is nog nie eens verby nie. Al wat ek kan sê is: luister vir God, Hy het die pad vorentoe vir ons elkeen baie mooi beplan en al wat jy moet doen, is om bereid te wees om dit saam met Hom te stap.

Het die skuif 'n impak, spesifiek op jou geloofslewe, gehad?

Ek het die vraag dalk al so bietjie beantwoord, maar in kort het dit beslis 'n impak gehad. Ek voel dat my verhouding met God baie versterk het, veral ook deur die bywoning van die kerk se jeug-aktiwiteite. Ek is baie meer gerus om my geloofslewe asook probleme wat ek ervaar, met mede-gemeentelede van dieselfde ouderdom te bespreek. Ek mag elke liewe dag net meer bewus raak van God se wonderlike hand in my lewe en ook my volle vertroue en afhanklikheid aan Hom oorgee.

Watter raad kan jy aan ander gee wat graag wil oorskuif?

Die heel beste raad wat ek kan gee is om te luister na God; Hy sal jou lei tot waar Hy jou wil hê. Dit was 'n baie groot besluit, maar ek het ook met baie mense daaroor gepraat, spesifiek met my verloofde en met albei ons ouers. Ek stel dus voor dat diegene wat dit oorweeg om aan te sluit, leiding en hulp vra by enige gemeentelid. 'n Laaste praktiese ding om die oorgang te vergemaklik is om betrokke te raak binne die gemeente. Jy sal nooit tuis voel indien jy aan die buiterand van die gemeente verkeer nie; leer dus mense ken en bou nuwe verhoudings.

GOD WILL NEVER DISAPPOINT ME

Written by: Martha Skosana

I am Martha Skosana from Nellmapius Congregation. I grew up in Belfast, Mpumalanga. I completed my matric at Morelig Secondary School in 2003. In 2005 I came to Pretoria. I started to attend the Free Reformed Church in 2006. It was a bit stressful to adjust to the new environment, but I was so surprised that most people were speaking Sotho. It is good to be in Pretoria because my purpose was to study. I started to look for the church that is going to suit my faith. I met a member of the Free Reformed Church and she introduced me and my sister to her church. The more we gathered in the church service every Sunday and attending Bible study, the more I learned about the Word of God. The more I read the Word of God, the more I grew spiritually. My life changed because I saw the light and the glory of the Lord. From the day I accepted Jesus Christ in my heart, as the Saviour of my life, I experienced many things in my life. For example, to use my gift inside the church and to take my responsibility to serve God as a Christian, to attend conferences, invite other youths to come to church, and to talk with other people about the Word of God.

Education

I completed my National Diploma in Finance and Accounting at the University of South Africa in May 2013. It was not easy to complete my diploma, because I faced a lot of challenges, for example, finances to pay my studies. To study is not easy. You need to put God first, love what you are studying and be patient. In my second year I did not make it in some of the modules. It was painful, but my lecturer told me that to fail does not mean you are stupid, it means that the methods I used to study were not good, especially in distance learning. I did not give up; I asked God to guide me, to help me to finish my diploma. I did not want to drop out of school because of failing. I trusted God, praying; having a strong faith, because God is everything in my life.

Work

I was working at Upholstery Class and Curtains as a cleaner for two days per week. I made sure to save the little money I earned. That money helped me to pay transport to go to school. I also got a chance to learn to sew curtains in the company. I thought I will get a good position in the company after finishing my diploma, but the manager told me that my qualification is expensive for her company and that she can't afford to pay me. I was so disappointed to hear that. But I choose to trust God, love Him, praise Him with all of my heart. I know He will never disappoint me. I am going forward looking for a better job. I believe that one day God will open the doors for me. He is my Redeemer, my Saviour and my Master.

"Do not be overcome by evil, but overcome evil with good." (Romans 12:21)

GOD WILL NEVER PUT YOU IN A PLACE WHERE HE WON'T PROTECT YOU

Written by: Nurse Leya Skosana

I am Nurse Leya Skosana. I am 28 years old. I grew up in Belfast, Mpumalanga. I started school at Morelig Secondary School in 1993 and finished matric in 2005. In October 2004 I was involved in a car accident and I broke my right arm, which meant that I couldn't write my matric exams. I had to re-write in the 2005 supplementary exams.

Even though I passed my supplementary exams, my certificate didn't come. It was not possible for me to enter university without a matric certificate. I waited during 2005 and 2006, still hoping that they will send my certificate, but nothing came. I even started to give up, thinking that it was a mistake for hoping to get the statement of results that said I passed. My goal was to see myself at university by 2005 studying Financial Management, complete my National Diploma in 2007, and start working in 2008, but all that was just a dream.

Although I grew up going to church, I was not committed to God, and I was not praying often, only when I remembered. But being involved in the car accident had brought a change in my life. I started to see the grace of the Lord. I found myself praying more and more, thanking God for saving my life. By that time I was not aware that the Spirit of God started working in me.

In 2007 I came to Pretoria to stay with my sisters to look for a job, still believing that one day I will achieve my goal. My sister invited me to the Free Reformed Church, which was a great thing. After several visits I started to enjoy myself singing with other young people, which was one thing I love the most since I grew up. I can say it is a blessing to be part of the Free Reformed Church congregation: attending Bible studies and attending youth class. I talked to Pastor Mathlokoane about my situation as to why I am just sitting doing nothing in my life. He encouraged me to trust God in everything I need in my life. He mentioned that God knows the purpose for my life, and what I need to do is to believe in Him and pray for every situation. I got inspiration from him.

I started to pray and read the Bible more than before, and I even forgot about my certificate problem. I started to feel the presence of God in my life; my faith grew more and more each and every day. After six months I got a call from home telling me that they received my certificate. I was so shocked; I found it so difficult to believe the good news. I was so happy; I felt joy and peace in my heart. I saw a clear vision of my life, achieving my goals. My eyes were open; all along I was trying to fight a battle that was not mine, instead of trusting God. In 2008 I became a full member of the Free Reformed Church, participating in all church activities. I was also selected as a treasurer of the youth in Nellmapius.

Towards the end of the year, I applied for the Thusano bursary at church, so that I will be able to start studying in 2008. Unfortunately my application for the bursary was submitted late, and I had to write some tests before I could qualify for it. I became so sad thinking that I will be sitting again doing nothing. I began asking a lot of questions as to why all this must happen to me. Luckily, one of my sisters volunteered to pay my first semester, so that I can apply for the NSFAS loan for the second semester.

I started my National Diploma in Public Finance and Accounting at the University of South Africa (UNISA) in 2008 and I completed it in 2011. UNISA is the distance learning institution, meaning that you have to study on your own. It was very challenging

and difficult to do all the work on my own. But as a Christian I knew very well that I have the Master, who will be there for me in every difficulty I have. I always remember John 15:7, when Jesus Christ said, "If you abide in me, and my words abide in you, ask whatever you wish, and it will be done for you." I knew that if I asked everything in Jesus Name and believe in Him, even if I did not make it, He will give me a chance to make things right.
Being a true Christian is not an easy thing. I faced a lot of challenges while I was still at university, especially being surrounded by unbelievers, friends with which I had to do group discussions. I thank God for giving me the wisdom of being strong and standing firm, even if I was under pressure, but I did not change from being me. When my spiritual growth strengthened, I started to enjoy my Christian life. I learned to be kind, to trust, to be honest and humble, to love, and to have self-control. All of this showed that my life has changed. It is true that with God everything is possible, and also there is no way that you can accept Jesus Christ as your life and Saviour while you keep living the same life as before.

In 2011 I was selected to be in the finance committee for the congregation in Nellmapius. I loved to apply my financial skills and knowledge, but in the church it is so difficult to cope, especially when the church members are not tithing accordingly. I learned to be patient in every situation.

I graduated for my National Diploma on 24 April 2012. In July 2012 I got a one year contract internship at the Department of Arts and Culture under Finance and Supply Chain Management. I consider myself a blessed person. After a year they gave me another six months' contract as Senior Accounting Clerk in Finance Directorate. I was very grateful to be in the working environment, getting a lot of exposure in the different duties. I learned a lot of things, especially as to how to work with different people from different cultures, and how to handle difficult suppliers. When the six months expired, they gave me a month-to-month contract on the same position until they appointed me as a permanent employee as from 1 June 2014.

God is great in all His ways; He will never put you in a place where He won't protect you. When you become faithful in Him, you will see His blessings, and you will find joy and peace in your life.

I FEEL BLESSED

Written by: Simangele Mokwena

My name is Simangele Mokwena. I am from Nellmapius, and I attend church at the Free Reformed Church, which means I am a Christian. I started attending church in 2009. How I started to attend was through a friend who told me to visit their church. My parents also started to attend this church a few weeks back. So I went in as a visitor and I enjoyed it and started going every Sunday. At first I went to church for the sake of going to church and for the wrong reasons, but as time went on I started changing and understood more about God. I was officially welcomed in the church when I confessed in 2011.

Before I went to church I didn't understand anything about God, even though I knew He existed. It was a long journey for me to get to where I am today, where I realise the importance of prayer and having faith in God. I learned to appreciate love more and

also realised that every day of my life is a gift from God. At first it was difficult for me to understand all about God because I had a lot of questions and Bible verses that I didn't understand, but with the help of my pastors it became easier for me. Being Christian is a great and challenging experience; it challenges your relationship with God and

other human beings. I am glad to have joined the journey of Christianity at such a tender age. I am not perfect, though.

I would like to see some of my peers involved in it as well, because as young people we are faced with a lot of challenges and decisions, and having the guidance of Christianity assists in making the right choices and remaining on the right path.I have no regrets. In fact, I wish I had joined in the Christian journey a bit earlier, because with the help of other members of the church and my parents I have learned to change my lifestyle and view myself as a Christian. The Lord is my Saviour, and I have since lived my life as though it's a miracle, together with everything that surrounds me. I feel blessed and would like to see everyone around me feel the same way.

I LOOK AT THE BAD AS PART OF THE PLAN FOR ME.

Ricky-Lee van der Veen *was brought up in a Jewish background, but turned towards Christianity after she met Ronnie. They are now married and part of the Free Reformed Church in Pretoria, where she was also baptised and did her confession.*

Life does not necessarily change, it ebbs and flows into different currents, like chapters that close and open. When I was asked to write this article I was not too sure what I would exactly say or what I want people to know. But then I thought to look to my once colleague, friend, boyfriend, fiancé and now husband. I do this because Ronnie has shown and taught me so much from the time we only just sat at work and chatted about religious subjects. I never thought that I would ever be taught or influenced in this way by anyone.

After dating Ronnie for a while, I realised I longed for something he has had his entire life – there is no way to describe it, it encompasses community, family, faith, trust, etc. All the aspects one would so dearly grab onto at a moment's notice. I decided to become a part of the Christian faith not for myself but for my relationship with the Father, Son and Holy Spirit, as I was so lost and didn't realise how empty my life was. As I looked at Ronnie he had the utmost trust in the Holy Trinity and my heart sorely desired that groundedness.

As I watched Ronnie then and as I do now, he has shown me how his upbringing has taught him selflessness, humbleness and patience. I opted to learn as I had a desire for a purpose. We all want a purpose as human beings; it is a natural feeling. I had no stable background, with divorced parents that move a lot; you never stay in just one place. And there is always rivalry between not only parents but also grandparents. I saw how raw people can become about one another, never wanting to forgive or try to resolve anything. I became a very rebellious teenager because I was in this extremely disorganised environment. No one tried to teach me any different. Being brought up, Jewish people have this expectation that you are religious, and because I left a private Jewish school in standard 5/grade 7, I did not have the full exposure to it that others had. So growing up as a teenager I was not fully sure about God, or what to believe, or anything.

Once I was baptised and did my confession, I felt like I had a place. A place where I would be able to help, listen, share, build and teach others. I learnt many things when doing catechism classes, but mostly that the closer I got and the more I went to church, the more my heart filled with elation and my partner and I grew stronger. Our foundation

that we lay for our relationship was also getting built spiritual layer by spiritual layer. I have learnt how little I am able to get by with, just by reading Christ's words in the first four Gospels. I am more conscious than ever of not judging, holding my tongue, listening, comforting and putting the needs of others first. How trying to obey the key principles – the 10 commandments and understanding and accepting salvation – opens your eyes to a life very different to the materialistic and superficial one I see in this technologically advanced age.

My life has become more peaceful than ever. It sounds very silly: peaceful? But after over ten years of upheaval, I have a stable relationship, marriage and a bond with God as well as a community I belong to. Everyone around us experiences different ups and downs. I have finally found the 'up' part my life. After years of downs, I have understood how to make sense of life and circumstances, and to look at the bad as part of the plan for me.

Voete van bereidwilligheid

DRUPPEL OP DE GLOEIENDE PLAAT

Geskryf deur: Tannie Nellie Kleijn

KHOTHATSONG AIDS COMMITTEE

Khothatsong heeft als organisatie haar oorsprong in 1999 vanuit de evangelisatie van de kerk van Pretoria. De overweldig-ende nood van mensen, die in grote getallen sterven aan HIV/AIDS-verwante ziekten, heeft ons aan het denken gebracht om daadwerkelijk iets te willen doen voor deze mensen. Ons grootste wens was en is om hen, in al die ellende die ze doormaken, te vertellen van onze Here Jezus Christus die ook hun Verlosser en Zaligmaker wil zijn. Christus vraagt van ons om het zaad te zaaien, maar alleen God kan harten bewerken.

Onze organisatie is maar klein en je kan dan denken: wat kunnen wij voor verschil maken in die grote nood? Door de jaren heen hebben we mogen ervaren dat de Here ons werk heeft gezegend. Telkens heeft Hij gezorgd voor de voortgang en nieuwe deuren geopend, ook financieel. Soms moesten we op een bepaalde plaats met een project stoppen, maar konden we op een andere plaats weer een project starten. Door de grote nood lijkt het werk van Khothatsong in Zuid-Afrika soms een druppel op de gloeiende plaat.

Khothatsong, wat vertroosting betekend, heeft drie projekten:

- Het thuiszorg project (Home Based Care)
- Bewustmakingsproject
- Opvang voor weeskinderen (Foster Care)

In dit artikel zal ik me beperken tot het thuiszorg project.

Thuiszorg project

In New Eersterust (Soshangve F4) werken 7 enthousiaste verzorgers om patiënten in de huizen te bezoeken en te verzorgen. New Eersterust is een plattelandse omgeving. Veel mensen die daar wonen zijn werkloos of hebben zo nu en dan één dag werk.

Waar de verzorgers bij veel mensen tegenaan lopen is armoede, analfabetisme en onwetendheid met betrekking tot HIV/AIDS en tuberculose. De werkers moeten de mensen op eenvoudige wijze vertellen waar ze aan lijden. Velen weten nog niets af van HIV/AIDS, hoe ze besmet zijn en wat het betekent voor hun toekomst. Veel van de patiënten zijn tussen de dertig en zestig jaar. Vooral in deze

groep komt ook het analfabetisme voor.
Ook verzorgen we een aantal kinderen die vanaf hun geboorte reeds besmet zijn met HIV.

De mensen wonen vrij ver weg van de klinieken en het gebeurt dikwijls dat ze geen geld hebben voor transport naar de kliniek en zodoende geen medicijnen krijgen. Dat heeft weer tot gevolg dat ze gemakkelijk infekties krijgen. De mensen zijn heel dankbaar dat onze werkers hen ondersteunen. De thuiszorgwerkers verschaffen verzorging aan de patienten, geven wasbeurten, medicijnen, voorlichting over gezond eten en vertellen familieleden hoe ze de zieke het beste kunnen verzorgen. Ze delen voedselpakketten uit, want voordat een patient de medicijnen gebruikt, moet hij/zij eerst eten.

Ook verwijzen ze patienten naar de kliniek, hospice en hospitaal.
In het team is ook een pastorale werker. Elk bezoek word afgesloten met schriftlezing en gebed en dikwijls word er gezongen. Dit betekend geweldig veel voor hen. Wanneer iemand erg ziek is, wordt altijd naar een houvast gezocht. Wat is het dan geweldig om het evangelie van verlossing te kunnen brengen. Terminale patienten worden dagelijks door de pastorale werker bezocht om rust te geven door het verkwikkende Woord van het evangelie.

We mochten in veel gevallen zien hoe het Woord van God de zieke rust geeft en dat zij hun ziekte zo anders gaan beleven en ook in vrede sterven. Zo werkt onze hemelse Vader.

Ontkenning
Een jonge vrouw – ze is nog maar 21 jaar – kijkt dof uit haar ogen. Op haar krukken strompelt ze naar buiten. Na enkele meters kan ze niet verder. Met zichtbare moeite hijst ze haar magere lijf op een stoel. Haar familie woont in een woning van steen. Ernaast bevindt zich haar ziekenvertrek: een golfplaten schuurtje. Naast haar bed, op een omgekeerde emmer, staat een kan met water. Een rolletje toiletpapier ligt op de grond. Ze lijdt aan tuberculose, zegt ze zelf. Ze heeft AIDS, maar dat durft ze niet toe te geven.

We weten allemaal dat Afrika ontzaglijk zwaar is getroffen door de HIV/AIDS pandemie. Deze jonge vrouw was dan wel niet verstoten door haar familie, maar toch mocht ze niet langer in huis blijven. Ze moest uitwijken naar een schuurtje van golfplaten. Zal het ooit mogelijk zijn HIV/AIDS uit de taboesfeer te halen?

Armoede
Tegen de rijke steden en dorpen aan liggen de zogenaamde 'townships'. Dit zijn armoedige wijken met krotwoningen.Verschillende woningen zijn half afgebouwd. De armoede is opeens zo tastbaar. Armoede en AIDS hebben veel met elkaar te maken. AIDS gedijt bij armoede. Armoede leidt tot het ontbreken van opleiding en van kennis, ook over seksualiteit. Armoede zet mensen aan tot het doen van riskante dingen om geld te verdienen.
Zeer gevaarlijk zijn de zogenaamde 'zuikerooms': mannen die jonge meisjes verleiden met eten, geld of kleding. Ontstellend dat honger kan leiden tot 'one apple for sex'!

AIDS versterkt ook de armoede. Denk maar aan de kosten van de begrafenis. Hoe arm Afrikane

ook zijn, de begrafenis moet duur zijn. Dit heeft te maken met het geloof in geesten van voorouders. Armoede… AIDS… armoede… Het is als een vicieuze cirkel. Hoe zal deze doorbroken kunnen worden?

De moeiten voor de besmette patiënten en hun gezinnen beginnen al ver vóór hun dood. De schande die verbonden is aan de vermoedelijke besmetting, de angst en wanhoop die volgen als de diagnose eenmaal gesteld is en het gebrek aan inkomen en steun als een kostwinner ziek wordt, vormen een zware belasting voor het gezin. Die last is extra zwaar voor kinderen als zij eerst moeten zorgen voor ouders die terminaal zijn en uiteindelijk toch geconfronteerd worden met het trauma van dood en ouderloosheid.

Het is zo schrijnend dat de mensen nog steeds in veel gevallen in ontkenning verkeren wat betreft HIV/AIDS. We proberen hier steeds aan te werken om een doorbraak te krijgen, maar de

hulp van Khothatsong medewekers komt dikwijls pas wanneer mensen erg ziek zijn en AIDS in ver gevorderde stadium hebben. Dan verwijzen we ze door naar de kliniek voor een test. Dikwijls zie je ook ruzies ontstaan tussen partners: de één verwijt de ander dat die er de oorzaak van is dat ze HIV-positief zijn. Meestal zijn het de vrouwen die zich eerder laten testen dan de mannen.
Door middel van supportgroepen proberen we het stigma te verminderen.

We vragen jullie: bid voor de werkers van Khothatsong, dat zij met liefde en uithoudingsvermogen dit werk kunnen voortzetten. Bid voor de patiënten, dat zij hun medicijnen trouw zullen innemen en vooral dat ze de Bijbel die ze ontvangen zullen lezen, om op die manier de Here te leren kennen.

Bejaardengroep

Twee bejaarde vrouwen, moeders van onze patiënten, kwamen naar ons kantoor met de vraag of er ook voor hen iets georganiseerd kon worden. Wanneer mensen ziek worden, gaan ze in de regel terug naar hun ouderlijk huis, ook al is die zieke getrouwd en heeft een eigen gezin met kinderen en wonen ver van het ouderlijk huis. Er zijn veel grootmoeders (gogo's) die de volledige zorg voor hun kleinkinderen hebben. Deze groep mensen willen graag ondersteuning. De bejaarden komen nu elke Woensdagmorgen om 9 uur samen met de supportgroep. Er wordt met hen uit de Bijbel gelezen, gezongen en gebeden. Verder wordt hun bloeddruk gemeten en doen we lichamelijke oefeningen met hen. Het is al veel voorgekomen dat een bloeddruk veel te hoog was, dan brengen we hen naar de kliniek. Deze gogo's zijn erg dankbaar en gelukkig voor de ondersteuning, maar ook voor de band met elkaar.

Supportgroep

Elke week komt de supportgroep bij elkaar. De supportgroep is bedoeld voor mensen die HIV-positief zijn. Tijdens de bijeenkomsten krijgen ze voorlichting over een onderwerp dat met AIDS te maken heeft en kunnen ze elkaar bemoedigen. Ook zetten ze zich ervoor in om het stigma rondom AIDS minder te maken. Na het praatgedeelte, naaien of breien ze of maken ze producten met kraaltjes. Dit is belangrijk voor hun zelfbeeld.

Groentetuin

Er is ook een moestuinproject, waarbij mensen leren hoe ze zelf een groentetuin kunnen aanleggen. Op deze manier kunnen ze goedkoop aan gezonde groenten komen, wat erg belangrijk is.

Als team is het heel bemoedigend om op kleine schaal verandering te mogen ervaren in het grote probleem van HIV/AIDS. Dit werk is nog steeds hard nodig. We zijn dankbaar dat de Here steeds krachten blijft geven. We bidden voor meer werkers in deze omvangrijke taak.

HELPEN IN SUID-AFRIKA

In 2004 het Stichting Hulpverlening Internationaal Barneveld (SHIB) begin met aktiwiteite in Reagile, ‘n township naby Koster. Dit is ons doel om praktiese uitvoering te gee aan wat Jakobus in sy brief skryf: “Reine en onbesmette godsdiens voor God en die Vader is dít: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jouself vlekkeloos te bewaar van die wêreld.” (Jakobus 1: 27)

SHIB is ‘n Christelike Hollandse stigting van vrywilligers. Ons wil bou vir mense met goeie planne, maar wat nie oor die geld beskik om die planne te realiseer nie.

Hoe het dit gekom dat ons hierdie aktiwiteite juis in Suid-Afrika in die omgewing van Koster begin het? Een van ons mense het kontakte met ‘n swart predikant in Reagile. Vanuit sy huis versorg hy die armste mense, hoofsaaklik met voedsel. Hy het planne gehad om aan hulle meer hulp te gee, maar hy het nie die fasiliteite gehad nie. Ons het vir sy organisasie ‘n Life Care Center gebou.

In dieselfde tyd het ons besluit om ons veral te rig op die gebied van Kgetleng-riviergebied, waarvan Koster deel is. In daardie gebied is daar baie townships met groot behoefte.

Sedert daardie tyd het ons die volgende planne gerealiseer: drie crèches (twee in Reagile en een in Borolelo), ‘n skoolgebou vir gestremdes, twee Life Care Centers, twee persele by ‘n skool, ‘n dak en ‘n heining by ‘n gebou vir gestremdes.
En daar bly nog genoeg om te doen oor.

Hoe realiseer ons dit?
Wanneer ons ‘n projek gevind het en die dokumente is in orde, die organisasie is betroubaar, en daar is ’n Suid-Afrikaanse kontrakteur gevind, dan begin ons mense werf.

Ons vra: Wie wil ons help om hierdie plan te realiseer? Ons soek dan bestuurders, bepaal die reisdatums en adverteer daarmee op ons eie webwerf, en ook deur voorligtingsaande in kerke.
Almal wat vanuit Nederland saamgaan, moet minstens € 2000 bydra. Vir moontlike deelnemers uit Suid-Afrika sou die koste ongeveer R8000 beloop. Die minimum ouderdom is 17 jaar.

Ons werk dan as vrywilligers vir twee weke in diens van die kontrakteur.

Ons organiseer hierdie reis vir die jeug en volwassenes, en daar is ook reise met skole. In totaal is daar omtrent twee of drie reise per jaar.

Slegs bou?
Ons ruim ook voldoende tyd in vir ontspanning. Ons besoek tipies Suid-Afrikaanse toerisme-aantreklikhede, soos Groot Marico, Pilanesberg, die Voortrekkermonument, ens.

Op Sondae besoek ons ’n kerk; die een week gewoonlik ‘n wit en die ander week ‘n swart kerk.
Behalwe vir die bouwerk op die werksdae, gaan ons dan ook by die armstes op *shack*-besoek. Ons bring vir hulle kos en bid en sing saam met hulle. Indien nodig, verrig ons herstelwerk aan die *shack*. Daarbenewens word daar op elke werksdag ‘n groep gekies om met straatkinders te werk. Ons vertel ‘n Bybelverhaal, doen iets kreatiefs, en speel met die kinders. Die doel van dit alles is om hulle die liefde van Jesus te laat sien. Vir die kinders, maar ook vir ons, is dit dikwels onvergeetlike oomblikke. Ons sien dit as ‘n opdrag en ‘n kans om God se hande en voete in hierdie wêreld te wees. Hy gebruik ons. Hy het hierdie mense op ons pad geplaas om Homself sigbaar te maak.

Elke dag begin ons met ‘n ‘goeiemôre-gesprek’. Dan bespreek ons die wel en wee met mekaar. Saam dink ons na oor ‘n Bybelgedeelte en ons bid saam. Hierdie reis het ‘n enorme impak op mense. Dit vra om die nodige geestelike toerusting. Ons maak daarmee ook aan mekaar duidelik: hierdie werk kan net met God se hulp gedoen word.

Toekomsplanne

Vir hierdie jaar (2014) staan die volgende op die beplanning: hulp by die bou van ‘n veeldoelige saal in Reagile. Die projek gaan uit van die munisipaliteit van Koster. Dit is die bedoeling om aan die jongmense ‘n moontlikheid van werk te gee. Daar is baie werkloosheid en misdaad onder jeugdiges. Om ’n saal te bou sal ‘n bydrae lewer aan die oplossing van hierdie probleem. Ons het as voorwaarde gestel dat die gemeenskap (met klem op die jongmense!) van Reagile betrokke moet wees by hierdie planne en ook die konstruksie van die saal.

Vir 2015 is ons besig met die beplanning vir die bou van ‘n weeshuis in Borolelo by Swartruggens. Baie weeskinders vertoef in hopelose situasies, veral as daar nie familie is wat vir hulle kan sorg nie. Op hierdie oomblik moet die organisasie Itekeng verseker dat die dokumente in orde kom, en ’n sakeplan moet opgestel word.
Vir die jare daarna is ons besig met die voorbereiding vir die bou van ‘n crèche in die township Maziste.

Christelik

SHIB het begin as ‘n inisiatief van mense uit die Nederlands Gereformeerde Kerk en die Vrijgemaakte Kerk. Intussen het dit ‘n wye Christelike organisasie geword. Daar word van die mense wat saamgaan verwag dat hulle ons Christelike beginsels onderskryf.

Hierdie jaar gaan daar vir die eerste keer ook enkele jongmense uit die Gereformeerde Kerk van Pretoria mee. Dit is vir ons baie bemoedigend. Dit is mooi om mekaar as Hollandse en Suid-Afrikaanse jongmense te ontmoet en te leer ken, en om saam ‘n opdrag van God te vervul.

As jy ook belangstel om betrokke te raak (en dit geld ook vir volwassenes), neem gerus kontak met ons op. Jy kan aan my ’n e-pos stuur via jetzebaas@shib.nl of meer inligting op ons webwerf kry: www.shib.nl. Jy kan ons natuurlik ook altyd vir slegs een of twee dae kom besoek, maar die ware smaak van die projek kry jy eers wanneer jy vir die volle tydperk aanwesig is. Oor die naweke word daar nie gewerk nie, aangesien daar dan kulturele uitstappies georganiseer word.

Ons vind dit so spesiaal dat God hierdie kontak op ons pad geplaas het. SHIB is ook baie bly dat daar alreeds twee jongmense uit Pretoria in Augustus 2014 by die Hollandse groep sal aansluit.

Reisbeplanning:

Jeugreis: 1 tot 16 Augustus 2014
Volwassenes: 24 Oktober tot 8 November 2014 (hierdie reis is volgeboek)

Jetze Baas
Livingstonestraat 91, 3772 KH Barneveld
Email: jetzebaas@shib.nl
Tel. nr.: +31630087202
www.shib.nl

OneJOY

OneJOY is die naam waaronder die jeug van Pretoria evangelisasie- en uitreikaksies in die direkte omgewing doen. 'JOY' staan vir 'Jesus, Others and Yourself.' 'OneJOY' het 'n dubbele betekenis; ten eerste beteken dit dat ons vreugde wil beleef met Jesus, vreugde wil beleef met ander mense en vreugde wil beleef met onsself, en ten tweede hang die drie vreugdes saam in één groot vreugde, naamlik Jesus.

Die doel van OneJOY

- Om die jeug aan te spoor om jaarliks ten minste twee aksies te onderneem.
- Aksies moet na buite gerig wees – in die direkte omgewing van Pretoria.
- Aksies het as doel: om 'n verskil te maak, uit te reik en kontakte op te bou met mense buite ons kerk.
- Aksies duur nie langer as 1 of 2 dae nie.

Idees vir OneJOY aksies

- Uitreik na minder bevoorregte mense:
- Komberse/blikkieskos/sop en broodjies uitdeel
- Versamel speelgoed en deel uit by hospitale
- Speel speletjies/hou 'n ete/movie aand/ uitstappie met kinders uit 'n kinderhuis of gestremde tehuis.
- Verf die mure van 'n kleuterskool/kliniek.
- Aanlê van 'n groentetuin (bv. by Kothatsong).
- Sportdag waar mense in die omgewing genooi word.
- Sing/kuier by mense in ouetehuise.
- 1 of 2-dag vakansieprogram vir laerskoolkinders in die omgewing (kunswerkies, speletjies, liedjies).
- Maak 'n straat/veld skoon en nooi mense in die area om te kom help. Braai na die tyd saam.

Vir enige navrae, of indien jy betrokke wil raak, kontak gerus vir:

Loïs Boon (071 360 7224)
Janneke Snijder (076 123 0263)

OneJOY se eerste aksie vir 2014

Dit het onder OneJOY se aandag gekom dat Jakaranda Kinderhuis in Mei-maand minimale staatsubsidie ontvang het. Volgens 'n vrywilliger wat daar betrokke is, is hulle subsidie met ongeveer 50% verminder, en dit geld ook vir toekomstige maande. Die nood is dus groot en ons wou hulle graag help.

Ons het spesifiek gaan uitvind dat hulle grootste behoeftes vars produkte en toiletware insluit. 'n Lys van benodigdhede is aan die gemeente gestuur, en 'n insameling is oor twee Sondae gehou, waar die gemeente hulle skenkings in 'n boks in die voorportaal kon plaas.

Die personeel by die Jakaranda Kinderhuis was baie dankbaar vir die skenkings wat op 2 en 9 Junie geskenk is. Hulle is grotendeels afhanklik van skenkings.

Baie dankie aan elkeen wat hiertoe bygedra het! Enige verdere donasie aan die Jakaranda Kinderhuis is welkom. Skenkings kan by Collinslaan 1214, Waverley, ná 18h00 saans afgelaai word, sowel as by Jakaranda Kinderhuis se kantore gedurende die dag.